IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.16 VOL.117 PG. 5805-5875.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-07-30

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

117

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 117

(Bladsye 5 805 - 5 875)

K368 HOF HERVAT OP 30 JULIE 1986.

STEPHANUS MULLER, v.o.e.

MR TIP : My Lord, may I on a somewhat familiar theme approach Your Lordship in respect of accused no. 3 this morning. An appointment has been made with some specialists for a venogram at 11h30. May he be excused?

COURT : Yes, he is excused.

MR TIP : And at the same time, I have been advised by My Learned Friends that Mr Hlanyane, accused no. 15, has an appointment for tomorrow.

COURT : Will you inform me tomorrow whether he is here or not.

MR TIP : We will do that.

COURT : The appointment is in order.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Mnr. Muller, van wanneer af is u betrokke met Duduza as beampte van die Raad? — Vanaf Oktober 1973.

Is dit die datum wat Duduza eintlik gestig is of was dit voor die tyd gestig? — Nee, Duduza is gestig in 1964.

Wat was die breë aard en omvang van u pligte daar gedurende hierdie tydperk? -- Ek was oorhoofs in beheer van Duduza en wat betref die voorgeskrewe gebied van Nigel.

U was nie betrokke met die werk van die polisie daar in die gebied nie? -- Met die SAP, nee.

Laat ek dit so aan u stel, u pligte het nie ingesluit die werk van 'n polisiebeampte nie? — Nee, alhoewel onder my oorhoofse beheer het ek 'n Swartkonstabelary, wat nou bekend staan as Munisipale Polisie wat nog onder ons ressorteer.

Maar u self het u pligte nie beskou as dit die werk insluit van 'n polisiebeampte nie? — Nee.

U het verskeie pamflette, ek glo vier pamflette en 'n plakkaat ingehandig in u hoofgetuienis? — Dit is korrek.

... / Die

Die pamflette wat deur u ingehandig is, wil u hulle weer sien? Dit is 'n rukkie terug wat u getuienis gegee het. -- Ek kan kyk na hulle.

HOF : Kan u net vir ons die nommers gee, asseblief.

MNR. TIP : ABA(49), (50), (9), (51) en dan is daar 'n plakkaat ABA(52). Dan is daar ook ABA (48).

HOF : Is dit ook 'n pamflet?

MNR. TIP : Ja, dit is 'n pamflet. Dit adverteer 'n vergadering van 17 Februarie 1985. Mnr. Muller, hoe het u die pamflette in die hande gekry? -- Die pamflette is deur my personeel in Duduza gekry en dit was aan my oorhandig.

Was dit die geval met al die pamflette wat u ingehandig het? -- Dit is die geval met al die pamflette.

Geld dieselfde met die plakkaat ABA(52)? -- Dit is korrek.

Dus in geen geval het u persoonlik beslag gelê op die dokumente in die woongebied self nie? -- Dit is korrek.

Behalwe die pamflette wat nou deur u ingehandig is hier in die hof, het u ander pamflette of plakkate ingesamel? -- Ek het ander ingesamel, maar dit het nie betrekking op die tyd soos aangedui op die klagstaat nie.

Gedurende die relevante tydperk van Februarie tot om en by Junie 1985 het u geen ander plakkate in die hande gekry nie? -- Nee, dit is al pamflette wat ons gekry het.

Is dit ook so dat u gedurende hierdie tydperk geen pam - flette of plakkate daar in die woongebied gesien het nie? -- Ek persoonlik het geen ander gesien nie.

In u getuienis het u met betrekking tot van die pamflette getuig dat dit versprei is in Duduza? -- Dit is korrek.

Is dit getuienis wat u gee as gevolg van wat aan u oorgedra is deur die personeel wat die pamflette aan u gegee het? -- Nee, van hierdie pamflette het ons pakke van bymekaar

... / gemaak

gemaak. Dit was meer as een. Ons het baie gekry.

Maar dit was almal pamflette wat deur u personeel ingesamel is? -- Dit is korrek.

Ek wil kortliks net 'n bietjie na die agtergrond van Duduza oorgaan. U het getuig dat die nagemmersisteem en die tekort aan huisvesting nog steeds geskilpunte is in die gemeenskap? -- Ek het so getuig, maar dit lyk my daar het groot vordering gekom en dit sal binnekort lyk my opgelos word. Ek praat nou van die afgelope twee weke.

Maar ten tyevan die periode waarmee ons nou handel, was dit steeds 'n geskilpunt? -- Dit was knelpunte.

En met inagneming van die feit dat u van so 1973 se kant daar betrokke was, sal u seker saamstem dat die gemoedere van die inwoners daar nogal hoog geloop het oor die geskilpunte? -- By tye het dit hoog geloop daaroor.

Baie kortliks. Baie van die inwoners wat tans in Duduza woonagtig is het van Charterston oorgekom? -- Dit is korrek.

HOF : Kan u net vir my dit spel? -- Charterston. Dit was die vorige Swartwoongebied.

Spel 'n mens dit soos 'n mens dit uitspreek? -- Charterston, ja.

Is dit nie dat Charterston vernoem is en Duduza geword het nie? Dit is 'n ander dorpsgebied? -- Dit is heeltemal 'n ander dorpsgebied en hulle is toe verskuif uit Charterston na Duduza wat 'n nuwe woongebied was.

Is dit ver uitmekaar uit? -- Plus-minus 15 kilometer.

MNR. TIP : Wanneer het die verskuiwing plaasgevind? -- Die verskuiwing het begin in 1964 en dit was afgehandel in 1975, begin 1976.

Die verwagting van die persone wat nou na Duduza oorgeskuif was, was dat Duduza 'n socrt ideale woongebied sou wees

.../ vir

vir hulle? -- Dit is korrek. Ek stem saam, aangesien dit 'n nuwe woongebied was.

Maar dit was ongelukkig so dat in die verwagtings die mense 'n bietjie teleurgesteld was? -- Dit is ook maar deur die toedoen van die Civic Association dat dinge nie gerealiseer het soos dit moes nie.

HOF : Sê u dat die teleurstelling is as gevolg van die Civic Association of sê u dat die teleurstelling is as gevolg van dade van die Civic Association? -- Optredes van die Civic Association.

Wat bedoel u met optredes? -- Ek sal uitbrei daarop. In 1979, soos voormeld in my getuienis, was daar 'n gemeenskapsraad verkies in Duduza. Die gemeenskapsraad het die vorige stedelike raad vervang en volgens wetgewing het hulle baie meer besluitnemingsmagte gehad as die vorige raad. Duduza se hoof prioriteit is die installering van riool. Dit was so gewees van 1973 wat ek in Duduza gekom het. In 1982 het die gemeenskapsraad besluit dat 'n volledige rioolstelstel in Duduza geïnstalleer word. Raadgewende ingenieurs is aangestel wat die beplanning gedoen het, 'n lening is bekom, wat uit die aard van die saak terugbetaalbaar is of was en die gemeenskapsraad se besluit het dit ook ingesluit dat daar sal verhogings ingestel moet word om die rente en delging op hierdie lening terug te betaal. Net voordat die gemeenskapsraad hierdie besluit geneem het, het die Civic Association tot stand gekom in Duduza. Daar was toe alreeds begin gewees met die installering van - Duduza beskik oor gemeenskaplike krane om die water van die straat agter na die toilette te neem - riool en toe het die Civic Association aangevra vir samesprekings met die gemeenskapsraad wat toe goedgunstig aan hulle toegestaan was. Die spesifieke aand toe die vergadering plaasvind

... / was

was die raadgewende ingenieur, senior amptenare van die ontwikkelingsraad ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Was u ook daar? -- En myself was daar met die gemeenskapsraad en lede van die Civic Association en met die samesprekings het die raad ten einde besluit, aangesien dit onder hulle aandag gebring is dat die inwoners nie bereid is om te betaal vir die installering van riool nie - is die besluit toe herroep nadat daar alreeds begin was met die werk en nadat daar reeds 'n geweldige lot materiaal aangekoop was. Die gemeenskapsraad het ook publieke vergaderings gehou met die (10) inwoners en hierdie vergadering het in chaos geëindig. Daar was geen uitsluitsel nie. Daar het dit tot 'n einde gekom, die installering van riool tot vandag toe.

MNR. TIP : Is u klaar? -- Ja.

Dit is nogal 'n volledige antwoord, maar wat my vraag eintlik beoog het was die tekortkominge in Duduza ten tye van die oorskuiwing van die mense daar. Ek wil die hoofsaaklike tekortkominge net noem. Die eerste was die afwesigheid van 'n rioolstelsel. Stem u saam? -- Dit is reg.

Die mense moes nog van die nagemmerstelsel gebruik (20) maak? -- Dit is korrek.

En dit het dikwels gebeur as dit reën, dat die voertuie wat die nagemmers moet insamel nie by die huise kon uitkom nie, weens die swak toestande van die paaie? -- Dit is korrek.

Dit het binnekort duidelik geword dat daar 'n tekort aan behuising was? -- Korrek.

En die gemeenskaplike waterkrane moes heelwat huise bedien? -- Dit is korrek.

Dit was nou eintlik wat die inwoners daar teleur gestel het? -- Korrek. Nou wil ek net byvoeg dat hulle was nie (30) bereid om te betaal nie.

... / Ek

Ek sal daarby kom. As ek dit so kort moontlik aan u kan probeer stel. Die standpunt van die inwoners was dat hulle graag 'n rioolstelsel sou wou hê? — Dit is korrek.

Maar hulle het gevoel dat dit eintlik iets was wat deur die owerhede geïnstalleer moes word?

HOF : U bedoel gratis?

MNR. TIP : Gratis geïnstalleer moet word. Hulle was heeltemal bereid om die diensfooie daarvoor te betaal daarna. Is dit so? — Dit is korrek.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry daaroor. Gewoonlik by die diensfooie word ingesluit 'n gedeelte of 'n bedrag om die lening se afbetaling te dek, wat 'n mens aangaan? -- Dit is korrek.

Was hulle bereid om daardie deel ook te betaal of was hulle net bereid om die lopende koste van die rioolsisteem ... -- Hulle was net bereid om die lopende koste te betaal.

Net die lopende koste? -- Net die lopende koste.

MNR. TIP : En die hoofsaaklike rede vir die standpunt was dat die beoogde verhogings in die huurgelde van so 'n aard sou wees dat in die loop van drie jaar dit om en by verdubbel sou gewees het? -- Die eerste verhoging was R7,00, dan het hy opgegaan na R15,00 en dan was dit hier by die R20,00 oor drie jaar. Die totale verhoging sou plus-minus R20,00 gewees het per maand per huis.

HOF : En wat was die koste voor die tyd? — Wat hulle voor die tyd betaal het per huis?

Ja? -- Dit was plus-minus R23,00.

Is dit nou net die diensgelde of alles? -- Dit het alles ingesluit.

Alles wat 'n huisgesin betaal was R23,00 en dit sou dan R43,00 word na drie jaar? -- Dit is korrek.

... / MNR. TIP

MNR. TIP : Daar is twee ander faktore wat daar relevant was. Die eerste is dat Charterston binne twee jaar nadat die mense daar uitgeskuif is, geteerde paaie gekry het, elektrisiteit en 'n rioolstelsel? -- Ja, laat ek net aan die Hof verduidelik. Charterston is toe ontwikkel as 'n Kleurlingwoongebied en dit is so dat Charterston het nou al die dienste wat Duduza nog nie het nie, maar as in vergelyking geneem word die huur wat hulle betaal teenoor wat Duduza betaal, dan is dit logies hoekom hulle vandag daardie dienste het of oor daardie dienste beskik.

En die tweede faktor is dat die inwoners in Duduza gevoel het dat hulle nou om en by agt, nege jaar daar woon en - of langer eintlik, so van 1964 se kant af, dat hulle lank huurgelde betaal en dat daar eintlik geen sigbare verbeterings is nie? -- Dit is so. Die huurgelde wat hulle betaal het en wat hulle vandag nog betaal is in werklikheid te min om die dorp te administreer en die ontwikkelingsraad van die Oos-Rand het jaarliks die tekort gesubsidieer, omdat daar nie gereelde verhogings ingestel kon word nie.

Dit mag so wees, maar ek probeer maar net 'n aanduiding te gee van hoe die inwoners die toestand hanteer het en stem u saam dat ek dit redelik akkuraat weergegee het? -- Nee, u inligting is reg.

En dit is ook hoe die Civic Association dit aan u oorgedra het? -- Dit is korrek.

En u het inderdaad omtrent vyf vergaderings met hulle gehou te die Nigel Raadskantore? Om en by vyf vergaderings? -- Ek sal sê drie, as ek reg onthou.

Dit volg natuurlik dat die Civic Association self gedurende die jaar 1982 daar gestig is? -- Ek weet nie tot wat se gevolg hulle gestig is nie, maar ek weet hulle is gedurende daardie tyd gestig. Het hulle tot stand gekom.

... / Maar

Maar ek bedoel as gevolg van die getuienis wat u gegee het dat die besluite en die proses gedurende 1982 plaasgevind het? -- U kom nou terug na die besluit vir die installering van die riool?

Dit is so? -- Ja.

Dat die Civic Association gedurende 1982 daar in Duduza alreeds gestig was. Stem u saam? -- Dit is korrek.

Net om terug te kom tot die gratis installering. Daar was ook gevoel tussen die inwoners daar dat hulle ook belasting betaal, nie net die huurgelde nie en dat dit eintlik iets is wat die sentrale owerhede of regering moes installeer? -- Dit is korrek. Hulle betaal belasting saam met hulle huur, maar soos ek voorheen uitgewys het, daardie geld is nie eers genoeg om Duduza te administreer nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry nou. Die R23,00 per maand, is dit die huurgeld? -- Dit is die huurgeld.

En dienste en belasting of nie ook belasting nie? -- Ons noem dit perseelhuur.

Ek wonder of u en die advokaat van dieselfde ding praat. Ek het die indruk gekry asof die advokaat van 'n algemene soort belasting soos verkoopsbelasting of daardie soort belasting praat. Wat het u in gedagte gehad?

MNR. TIP : Dit is inderdaad so. Dit was die algemene belasting soos verkoopsbelasting en ook belasting wat hulle op hulle lone betaal het? -- Ja, ek praat nou net van die gelde wat in Duduza gehef word per huis. Dit is jou erfhuur en dan jou huur vir die huis.

HOF : Ja, dit is jou perseelhuur? -- Jou perseelhuur.

Jou huishuur? -- Jou huishuur.

En jou dienstegelde? -- Ja.

Maar dit staan seker alles maar bekend as "rent" by die

... / mense

mense? -- Dit is reg.

Maar die advokaat praat van algemene belasting wat elke persoon moet betaal. -- Ja.

Die vraag was dus aan u gestel, hulle gevoel was dat hulle ook belasting betaal, dit wil sê die algemene belasting betaal en dat hulle dus nie vir die diensteverhoging verantwoordelik is nie? -- Dit was hulle argument. Hulle het dit so gestel.

MNR. TIP : Die vergadering met die gemeenskapsraad van - waarvan u gepraat het wat volgens u op chaos uitgeloop het, was u daar teenwoordig? -- Nee, ek het verwys na 'n publieke vergadering wat die gemeenskapsraad met die inwoners gehad het.

Dit is dieselfde waarvan ek nou praat. Was u daar teenwoordig? -- Ek was nie teenwoordig nie.

Ek wil dit net aan u stel. Ek het maar 'n algemene opdrag in hierdie verband, maar dit is tot die effek dat daar geen vergadering gehou is deur die gemeenskapsraad ten spyte van uitnodigings om so te doen deur die Civic Association nie? -- Nee, daar was definitief. Hierdie een was gehou.

Sou dit ook in die loop van 1982 gewees het? -- Dit was in die loop van 1982. Ons moes nog die mense in kennis stel met 'n luidsprekerstelsel deur die dorp van die datum en die plek en die tyd van die vergadering.

Ek wil 'n ander geskilpunt met u behandel van 'n mindere aard. Daar was op 'n stadium 'n nuwe gemeenskapsaal gebou? -- Dit is korrek.

Wanneer was dit? -- Dit was plus-minus 1980, as ek reg onthou.

Ek weet nie of u nog kan onthou nie, maar op die dag wat dit amptelik geopen sou word, het daar 'n twis ontstaan. Was u teenwoordig? -- Verwys u na die skade?

Die skade wat aan die gebou aangerig is? -- Nee. Die saal

... / was

was die Vrydag, dit was in Juniemaand gewees, is hy amptelik geopen deur ons hoofdirekteur mnr. Marx en die Saterdagaand was hy uitgehuur aan 'n persoon, wat 'n orkes sou gekry het, 'n poporkes, ek dink hulle het hulle genoem "Pappa en Blondie", wat daar moes optree en die mense het hulle fooie betaal om in te gaan, toegangsfooie betaal en die groep het nooit opgedaag nie. As gevolg van daardie probleme is die saal gebrand daardie aand.

Dit klop presies met my opdragte en as gevolg daarvan of ten minste die inwoners het geglo dat daar 'n huurverhoging gekom het om die reparasiewerk aan die saal te voltooi. -- Dit is nie so nie. Hulle kon dit nie gedink het nie. Dan wil ek dit ook duidelik stel dat die saal het die inwoners nie 'n sent uit hulle eie sakke gekos nie. Daardie saal is gebou uit 'n sportsfonds uit en die bedrag was R275 000,00. So, daar was geen verhoging as gevolg van dit nie. Die herstelwerk aan die saal het geskied, ons het 'n komitee saamgestel, bestaande uit Swartmense uit die gemeenskap uit wat fondse ingesamel het vir die herstel van die saal en die Oos-Randse Ontwikkelingsraad het 'n besluit geneem dat vir elke rand wat die gemeenskap invorder, sal hulle dit dek met 'n rand, wat gebeur het en op daardie manier is die saal herstel.

Wie was die burgemeester van die gemeenskapsraad in die jare 1982/83? -- Dit was 'n mnr. James Nkosi.

Ken u vir mnr. Kebane Moloi? -- Ek ken hom. Hy het voorsitter geword na mnr. Nkosi nie meer bereid was om die pos te beklee nie. Toe het hy die voorsitter geword. Ek sal sê dit was hierso September 1983, ongeveer met daardie verkiesing - met die jaarlikse verkiesing vir jou bestuurskomitee en voorsitter, het hy die voorsitter geword. Hy is Kebane Phineas Moloi.

... / En

En sy onder-voorsitter was mnr. Elliot Pahlane? -- Nee. Dit was eers mnr. Johnny Mokoto en toe was dit mnr. J. Sithole en daarna het mnr. Elliot Pahlane raadslid geword en toe het hy onder-voorsitter geword.

Die twee persone, dit is Moloi en Pahlane, het op 8 November 1984 bedank? -- Dit is korrek. Toe het mnr. Moloi sy bedanking teruggetrek en teruggekom en toe het hy weer op 'n later stadium bedank.

Die vergaderings waarvan u getuig het, is u in staat om vir Sy Edele te sê op watter datums en by watter plekke u by spesifieke of by watter spesifieke vergaderings u observasie gehou het? -- Kan ek nou net duidelikheid kry?

HOF : Van watter vergaderings praat u?

MNR. TIP : Die getuie het melding gemaak van massavergaderings in die algemeen waar hy observasie gehou het. My vraag is eintlik net gemik of mnr. Muller nou in staat is om die datums van die vergaderings ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hy het mos vir ons twee begrafnisse se datums gegee, as ek reg onthou.

MNR. TIP : Dit is so.

HOF : U verwys nie na die begrafnisse nie?

MNR. TIP : Ek verwys nie na die begrafnisse nie, net na die vergaderings. -- Ek kan nie spesifieke datums verstrek nie, maar daardie vergaderings het in die Duduza gemeenskapsaal plaasgevind, maar ek kan sê dit val in die bestek van die tydperk onder bespreking.

Ek wil net 'n paar besonderhede kry wat u bedoel met observasie. Was u miskien met 'n bandopnemer daar gewees? -- Nee, ek was buitekant gewees. Ek was 'n entjie van die saal af. Ek was nie betrokke binne-in by die saal nie, ook nie met bandopnemer nie. In 'n voertuig.

... / In

In 'n voertuig? -- In 'n voertuig.

Is u in staat met betrekking tot enige van die vergaderings om te sê wie die hoofspreker was? -- Nee, ek was nie binne-in die saal nie.

En dit volg natuurlik ook, is dit reg, dat u nie in staat is om enigsins oor die inhoud van die toesprake te getuig nie? -- Nee, ek kan nie oor die inhoud van die toesprake getuig nie.

Sou dit dan ook korrek wees dat u nie in staat is om met betrekking tot enige besondere vergadering te sê wie die vergadering georganiseer of gereël het nie? -- Nee, ek kan nie dit sê nie. Dit is maar net wat ek kan aflei van die pamflette wat die vergaderings wel adverteer het.

Ons het alreeds vasgestel dat gedurende hierdie tydperk waarvan u nou praat of waarvan ons nou praat, dat die pamflette wat alreeds ingehandig was, die enigste is wat u gesien het? -- Dit is korrek.

Mag ek dit so aan u vra, het u ooit in 'n ander hof getuig oor enige voorvalle daar in Duduza, gedurende hierdie tydperk? -- Nee.

Het u ooit enige verklarings gemaak vir doeleindes van 'n ander hofsaak? -- Nee.

Het u ooit enige ander verklarings gemaak hoegenaamd afgesonder van die een wat ek vermoed u vir hierdie saak gemaak het?

HOF : Wat bedoel u nou daarmee? Hy was eintlik in 'n motorongeluk 10 jaar gelede en moes daaroor 'n verklaring maak. Dit is darem baie wyd.

MNR. TIP : Dit is in die konteks van die voorvalle waaroor u getuig het gedurende hierdie periode Februarie tot Julie 1985? -- Nee, geen verklaring nie.

Kan 'n mens eintlik daarvan aflei dat u eintlik nooit

... / persoonlik

persoonlik teenwoordig was ten tye van die voorval self nie? Miskien moet ek net 'n bietjie probeer uitbrei. As 'n gebou beskadig is of 'n huis beskadig is, dat u self ten tye daarvan nie teenwoordig was nie? -- Ek het in my verklaring gesê en ek het getuienis gelewer dat ek baie in Duduza in hierdie spesifieke tydperke rondbeweeg het. Ek het insidente gesien.

Maar u het nooit daaroor verklarings gemaak nie, aan die polisie? -- Dit was met die polisie opgeneem. Ek het nooit 'n beëdigde verklaring gemaak nie, want ek het in baie gevalle saam met die SAP rondbeweeg.

Omtrent hoeveel vergaderings is deur die Student Parent Committee gehou waarvan u gepraat het? -- Ek kan nie spesifiek sê hoeveel nie, maar dit was gereeld en vir hulle het ons wel die saal gegee, aangesien dit 'n probleem was en ons gehoop het dat hulle die probleme kan oplos.

Ek wil net saam met u vlugtig die agtergrond skets. Die komitee is in Oktober 1984 gestig? -- Dit kan wees.

Die komitee was uitsluitlik betrokke by die krisis in die onderwys? -- Dit is korrek en om die kinders terug te kry in die skool.

U dra seker kennis van hoe die probleme ontstaan het en dit dit is aanvanklik in Juniemaand 1984 wat mev. Twale 'n onderwyseres was by die Sibone Hoërskool en ontslaan is? -- Dit is moontlik. Ek stel my so iets voor.

En onder die skoliere was sy 'n gewilde onderwyseres? -- Dit is korrek.

Die probleme het geleidelik gestyg?

HOF : Wat is nou die probleme? Het hulle moeilikheid gehad met mev. Twale?

MNR. TIP : Die skoliere was ongelukkig dat sy ontslaan was. -- Ja, daar was nie skoolbywoning nie en daar was sporadiese

... / insidente

insidente.

En die sporadiese ongelukkigheid en insidente het so voortgegaan tot die begin van Oktober 1984 toe 'n skoleboikot begin is? -- Dit is korrek.

En dit was as gevolg daarvan dat die Student Parents Committee gestig is nadat van die skoliere van die volwassenes daar genader het om so 'n komitee te vorm? -- Dit is korrek. Ek weet ook hulle het samesprekings gehad en memorandums opgestel tot by die minister.

Miskien dra u kennis van die samestelling van die komitee. Sover u weet, was daar om en by tien volwasse persone en vier skoliere? -- Dit is korrek. Ons het maar net meer met die volwasse persone, met Thobela en Irene Montudi samesprekings gehad.

En soos wat u gemeld het, het die onderhandelinge met die komitee gevorder tot ministeriële vlak? -- Dit is korrek.

En dit het ook so voortgeduur tot ten minste Maart 1985 toe daar onderhandelinge was met adjunk-minister De Beer? -- Ek het verneem daarvan. Ek dra nie spesifiek kennis daarvan nie.

En direk daarna op 13 Maart 1985 was daar 'n verslag gegee van die onderhandelinge aan 'n vergadering van COSAS. Dra u kennis daarvan? Dit was in die gemeenskapsaal? -- Dit is moontlik Ek dra nie kennis daarvan nie.

As ek dit so aan u kan stel, die Student Parents Committee het hom wel beywer om die krisis op te los dat die skoliere weer met hulle onderwys moet voortgaan? -- Dit is so.

En u sal ook seker saamstem dat dit altyd 'n <u>bona fide</u> komitee was? -- Ja, dit het gegaan oor die skoolprobleme.

Ek wil dit ook aan u stel dat die Student Parent Committee wel dikwels vergaderings gehou het in die gemeenskapsaal. --

... / Dit

Dit is korrek. In die gemeenskapsaal of in die ou kerksaal.

En dat dit altyd vir sy eie doeleindes was wat ons nou net bespreek het. Stem u saam? -- Dit kan wees, maar dan ook in baie gevalle, tydens en na daardie vergaderings was daar probleme, klipgooiery ensovoorts.

U gee die getuienis in die algemeen en my opdragte is ook maar in die algemeen en dit is dat daar nie sulke probleme ontstaan het na die vergaderings nie en ek stel dit ook aan u dat die vergaderings wat onder die vaandel en in die naam van die Student Parent Committee gehou is, altyd vir sy eie doeleindes gehou was en nooit - dit nooit die geval was dat die saal bespreek was in die naam van die komitee nie, maar eintlik vir ander organisasies se vergaderings? -- Nee, dit was spesifiek in hulle naam bespreek. Hulle het gereeld na ons toe gekom, ons in kennis gestel van 'n vergadering en gevra vir 'n saal wat ons dan aan hulle beskikbaar gestel het, juis om die probleme op te los.

Die begrafnisse - eerstens het u getuig oor die begrafnis wat op 18 Mei 1985 plaasgevind het. Onthou u dit? -- Dit is korrek.

Dit is die begrafnis van die dame Thobela? -- Dit is korrek.

Dra u enige kennis van die omstandighede van haar dood? -- Sy is oorlede in 'n huis - haar ouerhuis wat met petrolbomme aangeval was.

Dit was vroeg in Meimaand 1985? -- Dit is korrek.

En haar suster was ook later in Juniemaand as gevolg van dieselfde insident oorlede. -- Dit is korrek.

Beide dogters van die Thobela familie was by COSAS betrokke? -- Ek weet die een was sekretaresse van COSAS.

Dit sou Sonto Thobela gewees het? -- Ek aanvaar dit was sy

... / gewees

gewees.

Dit was haar begrafnis wat op 18 Mei plaasgevind het? -- Dit is korrek.

Die begrafnis in Novembermaand 1984 - ek dink u het die datum 4 November gemeld - was eintlik op Saterdag, 3 November? -- Dit was op ŉ Saterdag.

Het u die stoet onder observasie gehou? -- Ek het hulle onder observasie gehou vandat hulle sigbaar geword het in Malastraat nadat hulle by die saal uitgekom het, tot by die begraafplaas.

Sover ons inligting tans gaan moet ek dit aan u stel dat daar nie ŉ vlag in die kleure groen, geel en swart op die kis gedrapeer was nie? -- Ek het dit duidelik gesien. Ek het die begrafnis onder observasie gehou op ŉ afstand van plus-minus 7/800 meter met ŉ verkyker.

Slagspreuke. Ek wil net een klein detail aan u stel. Op ŉ stadium is van die slagspreuke waarvan u getuig het doodgeverf. Is dit so? -- Dit is korrek.

Het u miskien gesien dat daar op die gimnasiummure op ŉ stadium daarna die volgende verskyn het in mooi groot rooi letters geverf "Viva SAP"? -- Korrek.

Dit is so? -- Dit is so. En "Viva SADF".

HOF : Dit was nie SAP nie, SADF? -- SAP en SADF.

MNR. TIP : Ek wil net teruggaan na een vergadering. Die een van 17 Februarie 1985. U het die pamflet ABA(48) ingehandig. -- Dit is reg.

En u het ook getuig dat die vergadering wel plaasgevind het? -- Dit is korrek.

Is dit een van die vergaderings wat u onder observasie gehou het? -- Ek het hom nie onder observasie gehou nie.

In elk geval wil ek net kortliks aan u beskryf wat daarna

... / gebeur

gebeur het. U sal seker daarvan kennis dra. Dit het so gebeur dat in die loop van die vergadering 'n dame in die gehoor 'n voorstel gemaak het dat van die nagemmers na die raadskantore gedra word as 'n vorm van protes teen die stelsel. -- Ek dra nie daarvan kennis nie. Ek was nie by die vergadering teenwoordig nie, maar die emmers was wel uitgegooi by die kantoor na die vergadering. Dit is so.

Al was u nie op die vergadering nie, wil ek tog 'n paar details aan u stel om die agtergrond te beskryf. Dit was hierdie vrou se voorstel dat dit op die volgende dag moes gebeur en toe het van die jeugdiges daar teenwoordig besluit dat hulle 'n bietjie ongeduldig is en hulle wou direk van die nagemmers daar na die kantore neem en dit, soos u nou getuig het, het wel gebeur. U stem saam. Dit het ook gebeur in die omgewing van die raadskantore dat 'n polisieman van die plaaslike polisie, die munisipale polisie, 'n jeugdige geskiet en gewond het? -- Dit is korrek. Kan ek net verder uitbrei op die insident?

HOF : Ja. -- Hulle het in 'n groot groep afgekom in die hoofstraat na die kantore toe. Ons tehuise is aangeval, die ruite is stukkend gegooi en daar was 'n poging tot brandstigting by die een tehuis... (Mnr. Tip kom tussenbei)

MNR. TIP : Ek wil u nie onderbreek nie, maar kan u net 'n aanduiding gee waar u self was ten tye van hierdie voorval? -- Ek was by die polisiestasie. Ek was by die plaaslike polisiestasie. Die inwoners van die tehuis het opstandig geraak en hulle en die inwoners het in 'n geveg betrokke geraak. Die situasie moes deur die SAP ontlont word.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Geen vrae.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Mnr. Muller, u sê daar was planne gemaak om 'n rioolstelsel vir Duduza te installeer, ingenieurs

... / is

is aangestel, stappe was gedoen om 'n lening te kry en die Raad het besluit dat die werk moet voortgaan ? -- Dit is korrek.

Dan sê u het die Raad by 'n vergadering agtergekom dat die mense dit nie goedgesind is nie en dat hulle nie bereid is om te betaal nie? -- Ja, dit was deur die Civic Association onder die raadslede se aandag gebring, hulle was heeltemal gekant teen die installering op die basis dat hulle moet dit terugbetaal.

Was dit bloot 'n vergadering tussen die lede van die Raad en die lede van die Civic Association? -- Daar was twee vergaderings. Dit was 'n vergadering waar die gemeenskapsraad, die uitvoerende komitee van Civic Association, die raadgewende ingenieur, senior amptenare van die ontwikkelingsraad teenwoordig was. Dit was 'n amptelike raadsvergadering gewees.

Maar die publiek was nie daar nie? -- Nee, dit was 'n ander vergadering. Daar was twee vergaderings. Hulle het 'n publieke vergadering gehad en apart met die Civic Association.

Is dit die publieke vergadering wat u sê wat in chaos uitgeloop het? -- Dit was die publieke vergadering wat in chaos uitgeloop het.

Hoekom?

HOF : Was hy daar?

MNR. KRÜGEL : Ekskuus tog, u was nie daar nie. -- Ek was nie daar nie. Dit is hoorsê getuienis.

Waar kom die standpunt vandaan dat die owerheidsgesag die dienste gratis moet installeer? Wie het dit gepropageer? -- Dit is die Civic Association.

U sê die beplanning was dat die huur sou opgaan, die huur van R23,00 sou opgaan met - vanR20,00 na R43,00 oor drie jaar? -- Dit is korrek.

Om onder andere hierdie stelsel te finansier? -- Dit is

... / korrek

korrek.

Sou dit dan klaar en afgehandel wees? -- Dit sou klaar afgehandel gewees het en dan sou ons ons tekort in 'n mate kon uitgewis het. Duduza hardloop op 'n tekort.

Is daar werklik 'n verwagting by mense dat hulle dienste en goedere kan kry van "die owerheidsgesag"? -- Die indruk was geskep gewees deur Civic Association dat hulle moet geensins betaal vir enige installering van dienste nie. Hulle kan alleenlik betaal vir die bedryf daarvan, maar nie vir die installering nie. As jy 'n lening aangaan, moet jy die rente en delging betaal. So, êrens moet daar geld vandaan kom.

Is die mense bewus daarvan dat elke gemeenskap, elke Stadsraad op dieselfde beginsel werk? -- Daar moet ek erken, ek dink die groot fout was dat - en ek praat nie spesifiek van Duduza nie, ek praat reg oor - inwoners was nie vooraf ten volle ingelig oor funksies, pligte, verantwoordelikhede van rade nie en rade het ook nooit teruggegaan na die gemeenskap om hulle in te lig nie, van besluite ensovoorts. Dit is my persoonlike siening.

Maar u sê gelukkig is die posisie oor die afgelope twee weke uitgesorteer en dit het verbeter? -- Ons het goeie hoop. Ek kan niks verder op hierdie stadium sê nie.

<u>GEEN VERDERE VRAE</u>.

- - - - - - - - - - -

<u>MNR. HANEKOM</u> : U Edele, die volgende getuie is sersant J.T. Coetzer. Hy getuig oor Tsakane.

<u>JEREMIA TRICHARDT COETZER</u>, v.o.e.

<u>ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM</u> : U is 'n sersant in die veiligheidstak gestasioneer te Springs? -- Korrek.

<u>HOF</u> : Van die Suid-Afrikaanse Polisie, neem ek aan?

<u>MNR. HANEKOM</u> : Jammer. Van die Suid-Afrikaanse Polisie.

... / In

In die tydperk Oktober 1984 tot Julie 1985 was u belas met ondersoek in Tsakane woongebied in die distrik Brakpan? -- Korrek.

Was daar in hierdie tydperk enige organisasies aktief in die gebied? -- Daar was wel organisasies wat aktief besig was met mobiliseringsaksies en organiseringsaksies in die betrokke woongebied.

HOF : Wat verstaan u onder mobilisering en wat verstaan u onder organisering? -- Mobilisering is waar die massas gemobiliseer word om 'n betrokke daad te verrig en organisering is waar daar meer interne organisasie van 'n betrokke organisasie is.

MNR. HANEKOM : Watter organisasies was so bedrywig? -- Die Congress of South African Students, COSAS en die Tsakane Youth Congress, TSYCO. In 'n mindere mate die Silvertown Ad hoc Home-seekers Committee.

HOF : Hoe het hulle hom afgekort? -- Hy het nie sover my kennis strek 'n spesifieke afkorting gehad nie.

En waar is Silvertown? -- Dit is 'n plakkergebied wat grens of wat deel vorm van Tsakane Swartwoongebied. In die buffer-strook het hulle sulke tydelike strukture opgerig en ek neem aan dit is waar die Silvertown vandaan kom.

MNR. HANEKOM : Het u enige lede van COSAS geken in hierdie gebied? -- Ek het van die lede persoonlik geken.

Wie was dit? -- Van die COSAS lede?

Ja? -- Van COSAS was daar dr. Mahlangu wat die voorsitter was op daardie stadium. Daar was 'n Eddie Maseku, die organiseerder koördineerder en dan was daar ook 'n prominente figuur naamlik Percival Makhanya. Die feit dat dit alombekend was in die woongebied, berus ek my daarby dat die mense deel gevorm het van die bestuur van COSAS.

Het u lede geken van TSYCO? -- Ek het wel lede van TSYCO

... / ook

ook geken. Dit was Zakes Mkhwanazi en Percival Makhanya was ook by TSYCO betrokke. Dan McMillan Ngomane.

Weet u wat se posisies die mense beklee het? -- McMillan was, as ek reg onthou, op daardie stadium die voorsitter van TSYCO.

En het u lede geken op die Ad Hoc Homeseekers Committee van Silvertown? -- Op daardie stadium was Lawrence Vikinguku Mkhonza die voorsitter. Petros Radebe is tans die voorsitter van die Homeseekers Committee.

Ja? -- David Masemangu was op daardie stadium die sekkretaris.

Het van hierdie organisasies massavergaderings gehou? -- Die organisasies TSYCO en COSAS het gewoonlik gesamentlik vergaderings gehou in die woongebied en hierdie vergaderings het veral by die Metodiste Kerk in Tsakane plaasgevind.

Het u van die vergaderings onder observasie gehou? -- Ek het van hierdie vergaderings onder observasie gehou.

Het u enige van die vergaderings bygewoon binne-in die vergaderplek? -- Nee.

Het die organisasies plakkate versprei in die gebied? -- COSAS het veral gedurende die tydperk plakkate versprei in die woongebied.

Wat was die aard van die plakkate? -- Gewoonlik is die regeringstelsel en die feit dat die SAW en die SAP uit die woongebiede moet onttrek op hierdie plakkate aangebring. Dit word pertinent gestel dat die lede van die SAW en SAP uit die woongebied moet gaan en die ouderdomsbeperking op die onderwysstelsel was ook deur COSAS op die plakkate aangebring.

<u>HOF</u> : Wat u bedoel is, hulle wou nie 'n onderwysouderdomsbeperking hê nie? -- Dit is korrek. Dan die feit dat hulle soek gekwalifiseerde onderwysers en hulle verwerp die feit dat

... / Blanke-

Blanke-onderwysers in Swartwoongebiede moet optree.

MNR. HANEKOM : Was daar enige plakkate waarop u iets gelees het van die gemeenskapsraad of die raadstelsel? -- In sommige gevalle was daar plakkate waar die stelsel van gemeenskapsraadslede aangeval word en dit het so ver uitgekring dat van hierdie raadslede aan die begin stuk vir stuk bedank het en vandag bestaan daar nie meer 'n gemeenskapsraad in Tsakane nie.

HOF : Ek dink nie u word dit gevra nie. U moet u beperk by die vraag. Die vraag is was daar plakkate daaroor en ek is seker die manne het nie bedank as gevolg van 'n paar plakkate nie. Antwoord nou die vraag. Wat het op plakkate gestaan wat betref die gemeenskapstelsel? -- Dat die gemeenskapsrade 'n "puppet system" is.

MNR. HANEKOM : Afgesien van plakkate wat in die gebied was, was daar pamflette versprei? -- Daar is soms pamflette ook versprei.

Het die pamflette gemeld watter organisasies dit uitgegee het? -- Hoofsaaklik COSAS, maar daar was soms gevalle waar TSYCO en COSAS gesamentlik plakkate uitgegee het.

Ek praat van pamflette op hierdie stadium? -- Verskoning, pamflette.

Wat was die strekking van die pamflette? -- Soortgelyk soos ek uitgewys het op die plakkate.

Was daar slagspreuke in Tsakane in die woongebied aangebring? -- Ja. Op verskeie plekke in die woongebied - ek kan miskien pertinent meld bushaltes, hierdie massavullisverwyderinghouers.

Kan u van die slagspreuke onthou wat u gesien het? -- Van die slagspreuke het die volgende strekking gehad, naamlik "Viva Mandela, Viva Sisulu" en dan word die feit dat die SAP en SAW uit die woongebiede verdryf moet word, ook op talle, veral

... / kragsubstasies

kragsubstasies - dit het ook daar voorgekom.

Dan in April 1985 was daar 'n begrafnis van - waar agt persone begrawe is in Tsakane. Kan u dit onthou? -- Ek kan dit onthou.

Het u die dag diens gedoen waar die begrafnisdiens gehou was? -- Ek het die betrokke dag diens gedoen.

Waar is die diens gehou? -- Die diens het in die Metodiste Kerk Tsakane plaasgevind.

Toe die stoet van die begrafnisdiens af na die begraafplaas beweeg het, het u enige baniere gesien? -- Talle baniere is normaalweg by die begrafnisse getoon.

Ek praat van die spesifieke begrafnis of u enige baniere gesien het? -- Ek het by die betrokke begrafnis baniere gesien.

Wat se baniere was dit? -- Daar was onder andere TSYCO baniere, COSAS baniere.

Het u die stoet gevolg na die begraafplaas? -- Ek het die stoet op 'n alternatiewe roete gevolg.

Was daar tydens die begrafnis enige voorvalle? -- Tydens die begrafnis was daar geen voorvalle nie.

K369 En na die begrafnis? -- Na afloop van die begrafnis was daar wel voorvalle.

Wat se voorvalle? -- As ek reg kan onthou was daar - is die enkelkwartiere van die gemeenskapsraadspolisie aan die brand gesteek.

Was dit al voorval? -- Sover ek kan onthou.

Op 14 Mei 1985 was daar 'n begrafnis gehou van ene Andries Raditsela in Tsakane? -- Ek onthou die betrokke begrafnis.

Waar is die begrafnisdiens gehou? -- Die begrafnisdiens was weer vanuit die Metodiste Kerk in Tsakane gelei.

Het u daar diens gedoen? -- Ek het die betrokke dag weer eens diens gedoen.

... / Het

Het baie mense die begrafnis bygewoon? -- Ongeveer vyf- tot sewedui send persone van beide geslagte het die begrafnis bygewoon.

Was daar in die begrafnisstoet enige baniere wat u gesien het? -- Daar was in hierdie betrokke begrafnisstoet wel baniere getoon.

Kan u onthou wat se baniere dit was? -- Ja, daar was FOSATU baniere. Daar was baniere van United Mining and Metal Allied Workers Union, daar was COSAS baniere gewees. Daar was onder andere UDF baniere gewees. Dan was daar 'n banier, 'n wit banier met 'n rooi motief van 'n AK47 met die volgende bewoording "Stubborness Revolution, the people shall govern" en direk onder aan die banier het gestaan "Beirut".

Ek wil aan u 'n foto toon waarop 'n banier voorkom. Dit sal AAY(58) wees. Herken u die banier op die foto? -- Ek herken die banier.

Wat se banier is dit? -- Dit is die banier wat ek so pas aan die Hof verduidelik het.

Het u op 'n stadium 'n banier gesien wat direk agter die kis van die oorledene gedra was in die stoet? -- Ja, ongeveer 30 meter het ek 'n vlag gesien wat volgens my 'n Russiese vlag was.

Waarom sê u so? -- Hoekom ek so sê is dit is 'n rooi vlag. As ek 'n beskrywing van die vlag mag gee. Dit is 'n rooi vlag wat 'n hamer en sekel afbeelding in geel aan die linkerkant bo - links bo op die betrokke vlag gehad het.

Was daar tydens die begrafnis of na die begrafnis enige voorvalle? -- Daar was geen voorvalle tydens of na die betrokke begrafnis nie.

Was daar die dag baie polisiemense in Tsakane, meer as gewoonlik of nie, tydens en na die begrafnis? -- Ek kan net

... / meld

meld daar was onder andere twee helikopters, sowat nege SA Weermag ratelvoertuie, 'n aantal Casspirs van die Suid-Afrikaanse Polisie en 'n hele aantal Buffels van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Was daar daardie oggend voor die begrafnis enige voorvalle in Tsakane? -- Ja, in die vroeë oggendure van die betrokke dag was daar drie bomontploffings in die Blankewoongebied van Brakpan.

By watter geboue was dit? -- Die eerste een was by die Suid-Afrikaanse Polisiekantore, die tweede een was by die Landdroshof in Brakpan en die derde een was by die Kommissarishof van die Departement Samewerking en Ontwikkeling ook in Brakpan.

HOF : Wie was die Andries Raditsela wat begrawe is of weet u nie? -- Andries Raditsela was 'n hoof vloerverteenwoordiger van die vakbond Commercial - Chemical Workers Industrial Union of South Africa. Hy was werksaam by Dunlop in Benoni.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Sersant Coetzer, weet u wanneer COSAS by Tsakane gestig was of nie? -- Ek dra nie kennis van wanneer COSAS te Tsakane gestig is nie.

Weet u wanneer TSYCO gestig is of nie? -- Ek dra ook nie kennis van die presiese datum wanneer TSYCO in die woongebied gestig was nie.

Weet u wanneer en onder watter omstandighede die Ad hoc Committee van die Homeseekers gestig is of nie? -- Ek is nie op hoogte van wanneer hierdie betrokke organisasie in die lewe geroep is nie.

En weet u voor die stigting van laasgenoemde organisasie of daar wel 'n los komitee van die inwoners van Silvertown bestaan het of nie? -- Ek dra kennis dat daar voorheen slegs individuele lede was wat wel bymekaar gekom het om hierdie

... / betrokke

betrokke probleem te bespreek.

Vir hoe lank is u gestasioneer te Brakpan of Oos-Rand of in die omgewing van Tsakane? -- Ek is sedert Desember 1983 ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Desember 1983. U weet nie uit u eie kennis hoe die moeilikheid in Tsakane begin het nie? Of wat se moeilikhede daar was voor 1983 te Tsakane nie? -- Ek kan nie pertinent daarop antwoord nie.

Kan u vir ons sê wanneer die Suid-Afrikaanse Weermag na Tsakane gekom het? Die presiese datum? Weet u? -- Het dit nou betrekking op die betrokke begrafnisse of in die algemeen?

Nee, in die algemeen? -- Wel, ek sou sê sedert die ontstaan van die onluste. Dit is moeilik om te antwoord, want daár was deurentyd Weermageenhede in die onmiddellike omgewing. Daar was kommando's en hulle opereer in die betrokke gebied.

Ons praat van 'n groot aantal lede van die Suid-Afrikaanse Weermag. Wanneer is hulle na Tsakane? Wanneer het hulle vir die heel eerste keer na Tsakane gekom? -- Ek kan nie pertinent 'n datum meld nie.

As ek aan u stel dit was op 2 Oktober 1984, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek kan nie erken of ontken nie, aangesien ek nie weet nie.

Kan u vir ons sê of daar enige geweld of onluste was voor 2 Oktober of nie? As u dit nie kan sê nie, sê asseblief so. -- Ek kan nie sê nie.

En as ek aan u stel dat die Weermag daarheen gekom het voor daar enige geweldpleging of onluste was, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? Ek praat net van Tsakane. Daar was geen geweldpleging of onluste in Tsakane nie, voor die Weermag daar gekom het. Is u in staat om dit te erken

... / of

of te ontken? -- Ek kan dit ook nie erken of ontken nie.

Is u in staat om te erken of te ontken of daar enige moeilikheid was by die skole in Tsakane voor 4 Oktober 1984? -- Ek kan nie op hierdie stadium sê nie.

Is u in staat om te erken of te ontken of die skole normaalweg gewerk het voor die Suid-Afrikaanse Polisie in Tsakane gekom het? -- (Getuie talm om vraag te antwoord)

Moet ek die vraag herhaal? -- Asseblief.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die skole te Tsakane normaalweg voortgegaan het voor die Suid-Afrikaanse Weermag binne-in Tsakane gekom het? -- Dit is vir my baie moeilik om te sê, aangesien ek nie persoonlik betrokke was by die betrokke skole nie.

So, u kan nie sê nie? -- Ek kan nie sê nie.

Sal u saamstem dat daar in die Oos-Rand in die algemeen ontevredenheid bestaan het oor die raadslidstelsel? -- In die algemeen sou ek sê was die gemeenskapsraadstelsel as sulks aanvaar deur die breë publiek.

Sal u sê dat gedurende Oktober 1984 daar in die algemeen ontevredenheid was in die gemeenskap in die Oos-Rand met die Stadsraadstelsel? Is dit wat u sê? -- Kan u net die vraag herhaal, asseblief?

In die algemeen was die mense van die Oos-Rand tevrede gedurende Oktober 1984 met die werk wat die raadslede gedoen het? -- Ek sou sê 'n gedeelte van die inwoners was wel tevrede met die werking van die gemeenskapsraadstelsel.

Was daar enige openbare kritiek gelewer teen die raadslidstelsel in die Oos-Rand? -- Ek kan miskien nie namens die hele Oos-Rand praat nie, maar in Tsakane as sulks was daar wel kritiek deur 'n gedeelte van die gemeenskap.

Het u ooit raadslede aan die Oos-Rand gehoor wat baie

... / krities

krities was oor die raadslidstelsel? -- As eklu reg verstaan, van die raadslede as sulks?

Ja? -- Nee, nie sover my kennis strek nie.

En dit is mos deel van u werk in die veiligheidspolisie om die gevoel van die mense daar dop te hou? -- Die gevoel van die raadslede dienende op die raad?

Die publiek in die algemeen? Dit is seer sekerlik deel van die werk van 'n veiligheidspolisieman om te probeer vasstel hoe die mense voel oor 'n betrokke situasie? -- Dit is korrek. Ek sou sê dit is 'n funksie van die veiligheidstak.

En u het nooit gehoor van enige kritiek wat gelewer is teen die stelsel deur raadslede self nie? -- Nee.

Ons weet dat daar onluste was in verskillende dele van Suid-Afrika in September 1984. U weet dit ook sekerlik. -- Ek dra kennis van 1984 waar die onluste as sulks ontstaan het in sekere gebiede, maar ek kan my nie vasmaak met 'n betrokke maand nie.

In Tsakane self werk die raadslede van Tsakane met ander lede van die verskillende rade van die Oos-Rand?

HOF : Hoe bedoel u nou? Werk hulle saam?

MNR.BIZOS : Is daar samewerking deur die verskillende raads of rade aan die Oos-Rand?

HOF : Werk die verskillende rade van die verskillende gebiede aan die Oos-Rand met mekaar saam? -- Sover my kennis strek is daar koppeling of skakeling tussen die verskillende rade.

MNR. BIZOS : Dra u kennis van ERUCA? -- Nee.

Dra u kennis van die East Rand Urban Council Association? -- Ek dra kennis van die East Rand Urban Council Association. As ek 'n verduideliking mag hier gee oor hoe ek dit interpreteer. Dit is 'n beheerliggaam of 'n oorhoofse liggaam van die betrokke rade van die Oos-Rand.

... / Is

Is dit nie gewoonweg as ERUCA bekend nie? -- Nie sover my kennis strek nie.

Het u gehoor van die voorsitter van daardie organisasie? -- Ek het van die voorsitter al gehoor.

Wie is hy? -- Mnr. Tom Boya van Daveyton.

Is hy nog die voorsitter? -- Ek kan nie op hierdie vraag pertinent antwoord nie.

Is hy nie in die Oos-Rand nou werksaam nie? -- Mnr. Boya is nog steeds in die Oos-Rand werksaam, maar ek dra nie kennis of hy tans nog steeds die voorsitter is van die betrokke organisasie nie.

Het u nie van tyd tot tyd verklarings van hom gesien en gelees of hom op televisie gesien nie, ten minste vyf of ses keer verlede jaar? -- Daar was gevalle waar ek mnr. Boya in die plaaslike koerant, pers, sowel as op televisie gesien het.

As hy die ontevredenheid van die raadslede van die stand van sake gedurende Oktober 1984 gemaak het, sou u daarvan geweet het? -- Op hierdie stadium kan ek nie pertinent onthou dat ek daarvan kennis gedra het nie.

Ek wil aan u 'n artikel in die Star van 4 Oktober wys en aan u stel dat die toedrag van sake daar in die Oos-Rand soos deur mnr. Boya beskryf is daarin voorgekom het. -- (Getuie word geleentheid gebied om die artikel te lees)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

JEREMIA TRICHARDT COETZER, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : U het kans gehad om die deel van die koerant te lees. Kan u onthou of u dit destyds gesien het en gelees het? -- Nee, ek kan nie onthou dat ek hierdie betrokke berig in die Star van die betrokke datum gelees het nie.

... / Maar

Maar nou dat u dit wel gelees het, ek vra u om te aanvaar dat dit wel op 4 Oktober 1984 in die Star voorgekom het. Ek wil u vra of u bewus was of nie van die feite waarna verwys is in die berig? -- Kan u miskien net meer uitwys op watter feite as sulks?

Dat die raadslede in die algemeen ontevrede was met die manier waarop die departement opgetree het teenoor die raadslede? -- Ek veronderstel ek moet dit aanvaar indien dit nou - siende dat dit in die koerant uitgewys word, maar op daardie spesifieke stadium kan ek nie nou pertinent onthou dat dit ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek weet nie of 'n mens alles moet aanvaar wat in 'n koerant staan nie. Ek beslis doen dit nie. Is daar enige ander basis waarop u u antwoord kan formuleer? -- Indien 'n persoon objektief na die aangeleentheid kyk kan 'n mens dit of aanvaar of 'n mens kan dit afweer.

Ja, daar is twee moontlikhede.

MNR. BIZOS : Wat ek u wil vra is dit. U het kom getuig oor die gebeure in Tsakane gedurende hierdie tydperk. Weet u wel hoe die mense daar in Tsakane gevoel het oor die raadslede byvoorbeeld, oor die onderwysstelsel, oor die behuising wat beskikbaar was? Weet u of weet u nie? -- Ek dra kennis hoe die inwoners van die betrokke woongebied gevoel het op daardie stadium.

Het u miskien geweet, soos mnr. Boya hier kla, dat al die raadslede baie ontevrede was dat die departement besluit het om die drankwinkels te verkoop sonder om die raadslede te raadpleeg? -- Ek moet weer eens meld, ek dra nie kennis van hierdie spesifieke aangeleentheid nie. So, ek kan nie daarop antwoord nie.

Of die raadslede self gekla het oor die onderwysstelsel

... / en

en hulle skole? -- Weer eens, ek dra nie kennis van hierdie betrokke aangeleentheid nie.

Ons hoop dat daar miskien 'n ander getuie sal kom. Weet u of die raadslede hulleself as "puppets" beskryf het? -- Nie sover my kennis strek nie.

U het 'n aantal name gegee van persone wat u sê deelgeneem het aan die bestuur van COSAS en TSYCO. Hoe weet u dit? -- Op daardie stadium was hierdie feite alombekend in hierdie betrokke Tsakane Swartwoongebied.

Is dit deur beriggewers wat hierdie inligting aan u gegee het of het u persoonlike kennis daarvan? -- Dit het gekom van beriggewers, dit het gekom van die man op straat en dit het ook gekom van persoonlike kontak met hierdie persone.

Is dit toe u hulle miskien ondervra het? -- Geensins, nie tydens ondervraging nie.

Wie was die voorsitter van die Ad Hoc Committee of Home-seekers? -- Op daardie stadium was die prominente figuur - ek het aangeneem hy was die voorsitter, Lawrence Vikinguku Mkhonza, maar later het ek bespeur dat Petros Radebe die voorsitter was van die betrokke organisasie.

U aanvaar dit, u is nie seker nie? -- Ek aanvaar en ek is seker, aangesien daar by sekere ontmoetings, het mnr. Mkhonza na vore gekom en nie mnr. Radebe nie. Dit is die afleiding wat ek maak.

Is dit min of meer dieselfde wyse waarop u besluit het wie die ampsdraers van die ander organisasies was? -- Kan u net die vraag herhaal, asseblief?

Is dit dieselfde basis waarop u besluit het wie die ampsdraers van die ander organisasies was? Dit wil sê TSYCO en COSAS? -- Nee ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Omdat u afleidings gemaak het? -- Nee. Soos ek alreeds

... / gemeld

gemeld het, dit was alombekend in die Swartwoongebied dat hierdie mense prominente figure is en wel op die uitvoerende bestuur van COSAS asook TSYCO gedien het.

Het u enige plakkate of pamflette beslag op gelê gedurende hierdie tydperk? -- Ons het wel op van hierdie dokumentasie en plakkate beslag gelê.

Waar is hulle? -- Op daardie stadium het ons nie gedink dit sal vir hofdoeleindes gebruik word nie.

Wel, die antwoord op die vraag is, waar is hulle nou? -- Ek dra nie kennis nie.

Hulle is weggegooi? Is hulle weggegooi? -- Ek kan nie sê nie.

In elk geval, hulle is nie bewaar nie, omdat u tevrede was dat daar geen oortreding was in verband met die plakkate en pamflette nie? -- Op daardie spesifieke stadium was die onluste aan die gang en daar was vele ander meer belangrike aangeleenthede wat aandag geniet het. Soos ek alreeds gesê het, ek dra nie kennis waar hierdie dokumentasie of plakkate is nie.

Hoewel u baie besig mag gewees het, as daar enige oortreding op die dokumente sou voorgekom het, sou hulle seer sekerlik in bewaring gehou gewees het? -- Heel waarskynlik.

En u weet nie wie verantwoordelik is vir die slagspreuke waar dit by die verskillende plekke geverf is nie? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Weet u wie die oorledene was wat begrawe was gedurende April 1985? -- Was dit tydens die massabegrafnis?

Die eerste begrafnis wat u beskryf het? Dit was in April? -- Nee, ek kan nie op hierdie stadium onthou wie die oorledenes was nie. Daar was agt van hulle.

Weet u hoe die agt doodgemaak is? -- Ja. Daar het

... / konflik

konflik ontstaan tussen die hostelinwoners en inwoners van die gemeenskap en as gevolg van hierdie konflik het daar, as ek reg onthou, 'n totaal van elf persone gesterf in hierdie optredes.

Was die oorledenes in die algemeen jeugdiges? -- Ja, van hulle was jeugdiges en van hulle was sou ek sê nie meer jeugdiges nie, in die 20's.

Nie jeugdiges nie, maar jongmense? -- Dit is korrek.

En u sê dat na die begrafnis, is daar sekere skade gedoen aan die enkelkwartiere van Tsakane? -- Dit is korrek.

In die algemeen, het die gemeenskap die inwoners van die enkelkwartiere vir die dood van die jeugdiges en die jongmense verantwoordelik gehou? -- Wel, daarop kan ek my nie uitlaat nie. Ek het dit gesien as bloot 'n konflik wat tussen die hostelinwoners en inwoners van die gemeenskap ontstaan het.

U weet nie wie verantwoordelik was vir die reëlings van die begrafnis nie? -- Van hierdie betrokke massabegrafnis was daar 'n Ad hoc Concern Committee wat vir 'n baie kort tydperk geduur het en in die lewe geroep is om om te sien na die finansiële sy van hierdie hele aangeleentheid. Met ander woorde van hierdie hele begrafnis.

Om die ouers en die families van die oorledenes te help in verband met die begrafnis? -- Dit is korrek. Hy het later ook as die Burial Committee bekend gestaan as ek reg kan onthou.

In verband met die begrafnis van wyle mnr. Andries Raditsela, weet u of hy 'n ampsdraer van FOSATU was? -- Ek dra nie kennis of hy 'n ampsdraer van FOSATU was nie. Wat ek wel weet is dat hy 'n hoof vloerverteenwoordiger van die Chemical Workers Industrial Union of South Africa was.

Weet u of die vakbond of sy vakbond aan FOSATU geaffilieer

... / was

was? -- Sover my kennis strek wel.

Dra u kennis van die feit of dra u nie kennis van die feit dat mnr. Raditsela 'n vloer verteenwoordiger by sy werksplek was, maar wat miskien belangrik is, dat hy die streeks-onderpresident van FOSATU was nie? -- Dit is moontlik.

Weet u of hy op vrye voet of in hegtenis was toe hy gedood is? -- Hy is in aanhouding oorlede.

Ek vra u nie om u eie mening uit te spreek nie, omdat ek dink dit is Sy Edele se taak om 'n bevinding te maak, maar was die Suid-Afrikaanse Polisie en lede van die Weermag beskuldig dat hulle hom aangerand het en dat hy as gevolg van die aanranding dood is? Is die beskuldiging gemaak? -- As ons terugkom na die koerant toe, was die uitlating of die beskuldiging wel gemaak, maar sover my kennis strek, ek was nie betrokke by hierdie spesifieke aangeleentheid nie, so ek kan nie veel meer sê ten opsigte van die wyse waarop hy oorlede is nie.

In elk geval, daar was ten minste spekulasie in die koerante en daar is verklarings gemaak deur die polisie en deur sy moeder wat hom by die polisiestasie gesien het en ander mense wat miskien teenstrydig was in verband met die omstandighede van sy dood? -- Dit kon heel moontlik plaasgevind het. As ek reg onthou, was daar wel verklarings geneem van persone wat betrokke was die betrokke dag.

En die beskuldiging was dat hy heeltemal gesond was toe hy in hegtenis geneem was en twee dae daarna is hy dood? -- Wel, weer eens as ons terugkom na die koerante en die media mag dit moontlik so wees.

Wie was verantwoordelik vir sy begrafnis? -- Ons kan aanvaar dat FOSATU en in hoofsaak die Chemical Workers Industrial Union vir sy begrafnis verantwoordelik was.

... / HOF

HOF : U weet, u het die ding nou al vier keer 'n ander naam genoem. Wat is hy nou? Wat is sy afkorting? -- CWIWUSA. Ek is nou self deurmekaar. Chemical Workers Industrial Union of South Africa. Die tweede W ... (Hof kom tussenbei)

Is die ding nie CIWUSA nie? Chemical Industrial Workers Union of South Africa? -- Dit was aanvanklik die benaming, maar ek dink dit is gewysig na 'n tydperk. Dit staan nou tans bekend as die Chemical Workers Industrial Union of South Africa.

MNR. BIZOS : Stem u saam dat voor FOSATU gevorm is gedurende 1985, FOSATU die grootste federasie van vakbonde in Suid-Afrika was? -- Dit mag so wees.

Ek wil aan u stel dat u beraming van die aantal mense wat die begrafnis bygewoon het heeltemal inkorrek is. Dit het gewissel van tussen 30 tot 50,000 mense. Wat sê u daarvan? -- Ek het persoonlik die verrigtinge bygewoon en daar kon nie soveel mense die betrokke verrigtinge bygewoon het nie.

In elk geval, ek stel dit net aan u. Was daar by die begrafnis televisiespanne, koerantmanne en ander vakbondmense in hulle amptelike hoedanighede? -- Ek het wel televisiespanne vroeër die oggend in die woongebied gesien. Koerantmanne het nie persoonlik aan die veiligheidsmagte gerapporteer nie. So, 'n persoon kan aanvaar koerantmanne het die verrigtinge bygewoon.

U het vir ons beskryf omtrent die teenwoordigheid van die Weermag en die Polisie en die helikopters? -- Dit is korrek.

In verband met die baniere wat daar was, kan u onthou hoeveel baniere daar was wat u gesien het? -- Ek kan nie die spesifieke aantal baniere onthou nie, maar wat ek wel kan sê is dat daar was 'n hele aantal van verskillende organisasies, van verskillende vakbonde tydens die verrigtinge getoon.

Was die baniere van FOSATU en CWISA, Chemical Workers

... / Union

Union of South Africa, as ons dit so kan noem, die amptelike baniere daar naby die kis of langs die kis? -- Kan u net weer die vraag herhaal, asseblief?

Watter baniere was langs die kis van die oorledene? -- Daar was 'n Chemical Workers Industrial Union banier sowel as 'n FOSATU banier.

Hierdie twee. Was die ander baniere 'n afstand weg van die kis van die oorledene? -- Dit is moeilik om te sê, aangesien die mense beweeg in 'n stoet. Daar is beweging. Dan is die banier hier, dan is hy daar. Dit is moeilik om pertinent te sê waar watter banier was.

Is u in staat om die groepie mense te identifiseer wat met die banier met die AK47 daarop was? -- Ek verstaan nie u vraag 100% korrek nie. Kan u hom weer vra?

HOF : Die vraag is, kan u daardie mense identifiseer, daardie groepie wat met die banier met die AK47 daarop in die stoet geloop het? -- Nee.

MNR. BIZOS : U kan nie sê of hulle net 'n groepie mense was wat miskien aan een of ander organisasie behoort of miskien aan geen organisasie behoort nie? -- Dit is irrelevant. Hulle kon enige organisasie verteenwoordig het of hulle kon geen organisasie verteenwoordig het nie.

Was dit 'n tuisgemaakte banier?

HOF : Bedoel u met tuisgemaak, dat jy hom nie in die winkel oor die toonbank kan koop nie?

MNR. BIZOS : Ja, of dit is 'n deel van 'n honderd of 'n duisend. Dit was op 'n ad hoc manier opgestel? -- Dit is moeilik om te antwoord hoeveel van hierdie baniere is voorberei nie. Ek het net daardie betrokke een gesien.

Sal u dieselfde sê in verband met die rooi vlag? -- Wel, dit kom op dieselfde antwoord neer.

... / U

U weet nie wie die mense was nie, of hulle daarheen genooi was of nie en of hulle self besluit het om dit te doen nie? — Ek kan glad nie die vraag beantwoord nie, aangesien ek nie die betrokke persoon herken het nie.

Hoe ver was u van die persone wat die vlag gehad het? -- Ek moet miskien net noem ek het gebruik gemaak van 'n verkyker. Dit was 'n redelike afstand gewees.

Hoe ver? — Dit is sowat 800 meter.

800 meter. — Plus.

Kan u sê of die vlag van Rusland af ingevoer was en of dit 'n tuisgemaakte vlag was? -- Dit is moeilik om te sê.

U kan nie sê of dit net 'n rooi lap was waarop iemand met verf 'n hamer en 'n sekel op geverf het nie? -- Dit kan moontlik wees. Aangesien hierdie persoon die vlag rondgeswaai het, is dit moeilik om te sê.

Kan u vir ons sê of u die mense dopgehou het na die begrafnis toe hulle besig was om weg te gaan? -- Ja, ons het die mense dopgehou.

Het hulle as 'n groot groep of groepe na 'n sekere plek teruggegaan, na die huis van die oorledene of enige ander plek? -- Die massa, die groot groep het uitmekaar gegaan sonder enige voorvalle. 'n Kleiner groep het wel na die betrokke woning gegaan.

Wat u as 'n kleiner groep noem, was dit 'n duisend of meer? — Ek kan nie pertinent meld die aantal persone wat na die huis gegaan het nie. Wat ek wel weet is, daar het wel 'n groep na die woning van die oorledene gegaan.

En dit het as 'n groep beweeg vanaf die begraafplaas na die oorledene se huis? — Weer eens, ek kan nie pertinent sê dat 'n spesifieke groep oppad was vanaf die begraafplaas na die huis nie, aangesien daar 'n hele aantal mense betrokke was

... / en

ek nie kan sê dat dit die groep is wat pertinent na die woning toe gegaan het nie.

Daar was geen polisie-optrede teen die groep mense wat as 'n groep op die pad beweeg het nie? -- Tydens hierdie betrokke dag was daar geen voorvalle of geen polisie-optrede gewees nie.

Kan u onthou dat die polisie se weergawe van die omstandighede van die dood van mnr. Andries Raditsela was dat hy per abuis in die Casspir geval het en sy kop beseer het? -- Soos ek alreeds gemeld het, ek was nie die betrokke dag betrokke nie, maar daar is soveel stories oor die wyse hoe hy geval het, dat ek nie my kan uitlaat waar hy geval het, hoe hy geval het nie.

Kan u onthou dat daar berigte was dat hy gesien was by die polisiestasie waar hy aan 'n heining geboei was, vasgeboei was? -- Ek dra nie kennis van hierdie berigte of uitlatings wat gemaak is nie.

En dit terwyl hy van tyd tot tyd bewusteloos was? -- Ek meld weer, ek dra nie kennis van die betrokke voorval nie. So, ek kan my nie uitlaat oor wat die betrokke dag gebeur het nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. HANEKOM : U Edele, die volgende getuie is kaptein Frans die tweede naam weet ek nie, Labuschagne. Hy getuig ook oor Tsakane.

FRANS ENGELBERTUS LABUSCHAGNE, bevestig om waarheid te praat

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en gestasioneer te Brakpan as stasiebevelvoerder? -- Dit is korrek.

Sedert wanneer is u te Brakpan? -- Sedert 20 Desember

... / 1984

1984.

Tsakane val in u gebied van jurisdiksie? -- Dit is heeltemal korrek.

HOF : Waar was u voor die tyd gestasioneer? -- Op Kempton Park.

MNR. HANEKOM : Was daar sedert u aankoms by Brakpan van Januarie 1985 af onluste in Tsakane? -- Dit is korrek. Daar was met my aankoms daar sporadiese geringe voorvalle en dit het weer later so 'n bietjie afgeneem en in Maartmaand 1985 het dit weer baie skerp toegeneem.

Kon u spesifieke teikens identifiseer wat die voorwerp van aanvalle was? -- Ja, dit was die polisie en die destydse ontwikkelingsraad en dan ook die Weermag, SA Weermag. Onder die Ontwikkelingsraad ressorteer natuurlik hulle geboue en biersale en sulke goed wat afgebrand en beskadig was.

Is daar polisiemanne se huise in Tsakane aangeval en beskadig? -- Ja, daar is 'n hele paar polisiemanne se huise waarvan plus-minus sewe by my gestasioneer is, aangeval en dan het daar ook polisiemanne gewoon wat op ander plekke gestasioneer was se huise aangeval gewees. Party van die huise was heeltemal afgebrand.

Was daar in die tydperk begin van Januarie 1985 tot Julie 1985 padversperrings ooit opgerig in die gebied van Tsakane? -- Ja, daar was verskeie kere padversperrings. Op 'n stadium was daar omtrent op al die paaie padversperrings hier in Maartmaand. Die padversperrings het bestaan uit vullisdromme, motorwrakke, brandende bande ensovoorts, klippe.

Het u bewus geword van enige organisasie wat bedrywig was in Tsakane in die tydperk? -- Ja, wat ek agtergekom het is dat daar pamflette op karton of papier wat geskryf was met die hand versprei was en dan was dit uitgegee onder die naam COSAS.

... / Wat

Wat was die strekking van die pamflette? — Dit het gegaan oor - hulle het byvoorbeeld gesê dat die ontwikkelingsraad, die dorpsbestuur se mense, die Swartbestuur is "puppets" vir die regering, dit was in Engels geskryf gewees. Dit het ook die kinders aangespoor wat by die skool gekry was om nie skool by te woon nie. Dan was daar ook van hierdie pamflette wat daarop aangedring het dat kinders nie moet skoolgaan nie, omdat hulle moet uitstel kry vir hulle eksamens ensovoorts.

Was u bewus van 'n organisasie met die naam van Ad hoc Homeseekers Committee Silvertown? -- Dit is korrek. Silvertown is die plakkersdorp wat in die bufferstrook van Tsakane geleë is. Hulle is soos hulle naam aandui 'n Ad hoc Committee. Hulle is omtrent so agt verteenwoordigers wat as segsmanne opgetree het vir die inwoners.

Het u aan die begin van Februarie 1985 te doene gekry met lede van hierdie komitee? -- Dit is korrek. Op 12 Februarie was dit so dat ek by die tweede geleentheid inligting gekry het dat daar 'n samedromming is by die ontwikkelingsraad se geboue. Ek het toe self soontoe gegaan. Ek het toe 'n sekere mnr. Mkhonza daar te woord gestaan. Ek het gevra wie is die spreker tussen hulle en ek het met hom onderhandel en 'n vergadering gereël tussen hom en die Oos-Rand Ontwikkelingsraad.

Het mnr. Mkhonza vir u gesê watter organisasie of liggaam hy verteenwoordig? -- Nee, hy het nie na 'n spesifieke organisasie verwys behalwe dat dit die Ad hoc Committee verteenwoordig het nie.

Wat het toe gebeur? — Daar was 'n groot samedromming van mense en ek het hom versoek om die mense uiteen te stuur met die verstandhouding dat ek dan vir hom 'n vergadering sou reël sodat hy die mense wat vir hom nou kan help, hulle het klagtes gehad oor die behuising ensovoorts, kon reël dat hulle

... / nou

nou met die mense kon onderhandel. Die groep het toe vertrek daar by die Administrasieraad en so plus-minus 'n halfuur na 'n uur later was daar 'n aanval op die enkelkwartiere van die ontwikkelingsraad in Garestraat, Tsakane.

Hoe ver is die enkelkwartiere van die raadskantore af? -- Ek sou skat so een en 'n halwe kilometer.

Het u daarheen gegaan? -- Ja, ek het intussen terug vertrek Brakpan toe, maar op my pad terug het ek berig gekry van hierdie voorval. Ek het intussen my mense wat op die grond was soontoe gestuur en met my aankoms daar het ek gesien daar het nog sulke groepies gestaan op 'n distansie van die plek af, maar die plek was erg beskadig en daar was gepoog ook om hom aan die brand te steek.

Het u enige persone wat nog in groepies daar gestaan het herken? -- Nee, ongelukkig kon ek nie.

Op 14 Mei 1985 toe ene mnr. Raditsela se begrafnis in Tsakane gehou was, was u daar teenwoordig? -- Dit is reg. Ek was in 'n sektor wat in die omgewing van die begraafplaas diens gedoen het. Ek het veertien Casspirs behalwe my eie onder my bevel gehad.

Afgesien van die mense onder u beheer, was daar nog lede van die polisie en die weermag in die omgewing? -- Ja, daar was baie voertuie. Die woongebied was in vyf sektore opgedeel en in elke sektor was daar vyftien voertuie. Dit was nie almal Casspirs nie, maar dit was vyftien voertuie in elke sektor.

<u>HOF</u>: Kan u my net sê terwyl ons nou hiermee besig is, hoe groot is Tsakane? Hoeveel mense is daar? Wat is sy oppervlakte? -- Dit is 'n baie moeilike vraag daardie. Ek sou skat hy is omtrent twee kilometer lank en 'n kilometer wyd op sy wydste punt, maar nou loop hy met 'n punt. So, ek sal sê so vier en 'n

... / h alf

half vierkante kilometer.

As u twee kilometer het by een kilometer, hoe kry u vier en 'n half vierkante kilometer? Ek dink u moet maar net die buitelyne los vir my. Ek sal dit self uitwerk.

MNR. HANEKOM : Was daar enige rede vir die groot polisieteenwoordigheid en weermagteenwoordigheid? — Ja, daar was probleme verwag. Ons het inligting gekry van probleme. Daar was ook die aand of die oggend van die begrafnis, dit was 14 Mei gewees, ontploffings gewees by Brakpan polisiestasie, by die Brakpan Landdroshof en by die Brakpan Kommissarishof.

Het u in die begrafnisstoet enige baniere gesien? — Ja, daar was verskeie baniere gewees. Ek kan ongelukkig nie onthou wat op almal gestaan het nie, maar daar is een wat spesifiek my aandag getrek het. Dit was een wat 'n AK47 op geteken was. Dit was nie 'n baie goeie weergawe daarvan nie, maar daar was definitief 'n AK47 op geteken. Dit was 'n rooi banier gewees. Dan was daar ook baniere gewees wat ek kan onthou, die naam was FOSATU.

Was daar tydens of na hierdie begrafnis enige voorvalle in Tsakane? — Daar was geen voorvalle gewees nie.

HOF : Net voordat die kruisondervraging begin. Kyk na hierdie foto AAY(58). Ken u daardie banier? — Ja, dit is die banier waarna ek in my getuienis verwys het, die een met die AK47 wat nie so 'n baie goeie weergawe is nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Kaptein, dra u enige persoonlike kennis in verband met die geskilpunte tussen die inwoners van die enkelkwartiere of hostels en sekere jeugdiges te Tsakane? — Ek wil net graag meer duidelikheid hê. Daar is meer as een hostel. Is dit nou die Administrasieraad se hostel of is dit die hostel wat gedurende hierdie onluste afgebrand was?

HOF : Seker die enkelkwartiere wat aangeval was? -- Nee, ek dra nie enige kennis nie.

Is die enkelkwartiere wat aangeval is, die ontwikkelingsraad s'n? -- Ja, dit is waar die gemeenskapswag in gewoon het. Die ander hostel wat afgebrand is gedurende die onluste, was meer trekarbeiders gewees.

MNR. BIZOS : Dra u kennis wie die geweld daar begin het, persoonlike kennis? -- Nee.

Dra u kennis van die feit dat die inwoners van die hostel 'n aantal inwoners van Tsakane dood geslaan het of dood (10) gesteek het? Dra u kennis daarvan? -- Nee.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. U praat nie van die hostel met die trekarbeiders nie. U praat van die hostel waarin die Munisipale wag gebly het?

MNR. BIZOS : Nee, ek praat van die arbeiders.

HOF : Ek dink ons het die ding deurmekaar. Was daar op dieselfde dag twee hostels aangeval? -- Nee. Die een hostel is aangeval op 12 Februarie en die groot hostel - dit is hoekom ek vir u gevra het aan die begin of ek net duidelikheid kan kry - is aangeval op 8 Mei. (20)

Op 12 Februarie is aangeval die enkelkwartiere met die gemeenskapswag? -- Dit is reg. Die een in Garestraat. Hy is 'n hele ent geleë vanaf die trekarbeiders se hostel.

MNR. BIZOS : Ek sal elkeen van hulle apart neem. Laat ons begin by 12 Februarie. Weet u of daar enige optrede van die of deur die raad se polisie of die munisipale polisie plaasgevind het op Dinsdag, 12 Februarie in verband met die inwoners van Silvertown? -- Ek kan my nie so iets voordoen dat daar enigiets van die aard plaasgevind het nie.

Is u in staat om dit te erken of te ontken dat mense (30) van Silvertown - hulle is mos Black Jacks genoem. Kan ons dit

... / gebruik

gebruik? Die Swartpolisielede wat nie aan die SAP behoort het nie?

HOF : Ken u hulle as Black Jacks? -- Nee, dit is die eerste maal wat ek hierdie benaming hoor.

MNR. BIZOS : Die munisipale polisie? -- Ons het hulle gemeenskapswagte genoem.

Weet u of die wagte 'n aantal mense gearresteer het en hulle na die administrasiekantore gebring het of nie? -- Ja, ek weet nie of dit op die Dinsdag was nie, maar die mense was voortdurend besig om oortreders te arresteer en na die gemeenskapskantore te bring. So, dit is bietjie 'n wye vraag daardie, maar as ek miskien 'n bietjie verder kan verduidelik. As gevolg van hierdie samedromming wat daar was by die administrasie se kantore op 12 Februarie, was daar vergaderings gereël waarop ek gesit het as 'n waarnemer en op hierdie vergaderings was dit genoem dat so iets sou plaasgevind het, maar die datums wat genoem was, was geskiedenis. Dit was nie oor 'n klagte op 12 Februarie nie.

Was dit genoem, alhoewel u nie die datum kan onthou nie, dat vroeg die oggend, dit wil sê van 01h00 die oggend af die wagte mense na die administrasiekantore geneem het en hulle probeer oortuig het om sekere vorms te teken dat hulle van Silvertown af weggeskuif sou word? Was dit 'n bewering? -- Ja, dit is wat in die vergadering uitgekom het, waar die mense gevra sou gewees het om die vorms te teken, maar dit is maar net gewone administratiewe dinge hierdie. Die mense moet 'n lening aangaan ensovoorts, maar ek kan nie sê of dit daardie oggend gebeur het nie.

Was die bewering dat die mense in die middel van die nag na die administrasiekantoor geneem was en 'n poging aangewend was om hulle te oortuig om vorms te teken om van Silvertown af

... / weg

weg te gaan? Kan u onthou of dit gesê was by die vergadering? -- Ja, dit is een van die bewerings wat gemaak gewees het dat die mense dit sou gedoen het, maar nie in die middel van die nag nie, maar daar was bewerings gewees dat die mense sou oorreed gewees het om sulke vorms te teken. Nou weet ek nie of dit nou, die oorreding wat hulle van praat, as jy met 'n vorm by hom kom en sê luister, dit is hoe die ding werk, of dit nou dit insluit nie.

K370 Is u in staat om te erken of te ontken dat ongeveer 07h00 dieselfde oggend van 12 Februarie die mense van die gearresteerde mense of die mense wat na die kantoor gebring was na die administrasieraad se kantore gekom het om te protesteer waarom hulle mense nou van hulle huise af weggeneem is en na die administrasiekantoor gebring is? -- Nee, ek kan dit nie bevestig of ontken nie. Ek was nie daar nie.

Hoe laat was dit toe u op die 12de by die mense gekom het? -- Dit moet omtrent so 10h00 wees wat ek daar gekom het die oggend op die 12de en ek is seker so 12h00 daar weg weer.

Het u nie die mense wat daar was gevra maar wat is nou die griewe, wat soek julle hier nie? Waarom is julle saam hier? Wat is die moeilikheid? -- Soos ek in my hoofgetuienis gesê het, het ek gevra wie is die segsman tussen hulle en ek het met die mnr. Mkhonza gepraat.

Het hy nie gesê "Kyk, ons mense is in die middel van die nag van hulle huise weggeneem en na die administrasiekantoor gebring en hulle is gedwing om vorms te teken" nie? -- Dit het onder my aandag gekom hierdie inligting. Nou kan ek nie sê of dit deur mnr. Mkhonza op daardie dag aan my gegee was of gesê was nie. Dit kan ek nou nie presies onthou nie. Dit is nou al 'n tyd gelede, maar hierdie klagte het onder my aandag gekom, of dit nou later op die vergadering gewees het,

... / maar

maar ek is bewus daarvan, maar daar was verskeie klagtes gewees.

HOF : Maar die klagte is in die middel van die nag is die mense weggevat? -- Ek kan nie onthou dat hy dit vir my gesê het nie.

MNR. BIZOS : Maar in elk geval of u kan onthou of die klagte was dat dit in die middel van die nag was of nie, maar kan u onthou dat daar wel 'n klagte was dat mense van hulle huise deur die wagte weggeneem is en na die kantoor gebring is en gedwing was om vorms te teken? Was dit 'n klagte? Maak nie saak hoe laat dit was nie. Was dit 'n klagte? -- Nee, dit het nie van die klagtes ingesluit nie. Die klagte het gegaan dat die mense nie na die huise toe wou skuif nie, hulle was 'n tydperk gegee om na die huise toe te skuif, maar een van die hoofklagtes was hulle wou nie skuif nie, omdat hulle nie net twee slaapkamer of twee-vertrek huise wou gehad het nie, hulle wou vier-vertrek huise gehad het. Ek moet net byvoeg dat ek op daardie stadium gereël het dat die samedromming van mense uitmekaar moet gaan en omdat dit buite my sfeer van pligte geval het, het ek net probeer om 'n vergadering te reël met die administrasieraad sodat hierdie mense hulle probleme kan oplos.

Is u antwoord dan dat u het nie baie belang gestel oor wat die oorsaak was nie. U wou net die byeenkoms wegstuur? -- As ek nie belang gestel het nie, sou ek nie die vergadering gereël het nie.

Laat ek dit so stel, u het nie op daardie stadium belang gestel in wat die griewe was nie? -- Nee, ek het geluister na die griewe, maar as gevolg van die griewe het ek besluit dit val buitekant my sfeer van ampspligte en ek sal dit aan die regte instansie oordra en ek sal reël dat hierdie mense met daardie mense kan praat. Wat kan ek meer doen?

... / Is

Is daar enige persoon daar gearresteer?-- Nee.

Is 'n vergadering gereël vir 16 Februarie? -- Dit is korrek. Die eerste vergadering was op 16 Februarie.

Wou die mense op die 12de en ook op die 16de die saak met 'n sekere mnr. De Beer bespreek? -- Dit is korrek. Kyk, die vergadering - die mense het bymekaar gekom daar, glo om 'n mnr. De Beer te spreek op die 12de. Op die 16de was dit nie soseer om mnr. De Beer te spreek nie, maar sodat hulle met die dorpsbestuur wat toe nog bestaan het, die Swartlede wat verkies was en die Blanke-amptenare, om hulle te spreek sodat hulle hierdie probleem kon oplos.

In elk geval, was daar pogings aangewend deur die komitee om met mnr. De Beer en 'n sekere mnr. Marx die probleme op te los? -- Ja, ek weet nie of hulle geweet het van mnr. Marx voordat ek die vergadering vir hulle gereël het nie. Hulle wou net vir mnr. De Beer gespreek het die spesifieke dag.

En daarna op die 16de? -- Het ek gereël - ek het die vergadering bymekaar gekry en vir mnr. Rossouw en al hierdie mense gesê "Asseblief, ons moet hierdie mense bymekaar kry dat ons die probleem kan oplos".

Kan u onthou dat een van die klagtes by die vergadering van die 16de was dat huise wat wel gebou was vir mense wat by Silvertown gebly het, is aan mense toegestaan wat nie geregtig was om die huise te kry? -- Ja, soos ek gesê het, daar was verskeie klagtes gewees wat deur mnr. Mkhonza geopper was en dit was een van die bewerings wat op die vergaderings gemaak was.

En kan u onthou dat hy 230 instansies gegee het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Voorbeelde gegee het?

MNR. BIZOS : Voorbeelde gegee het waarop dit gebeur het? --

... / Ja

Ja, ek weet nou nie hoeveel voorvalle daar was nie, maar dit was genoem op 'n vergadering en op die vergadering was daar vir die ad hoc komitee gevra om die voorvalle, die name en so te bring, sodat daar 'n departementele ondersoek kan wees. Ek dra nie kennis van hoeveel voorvalle daar was nie en wat geword het van die ondersoek nie. Dit kan ek nie sê nie.

Het die mense by die vergadering, die inwoners van Silvertown gesê dat hulle was die inwoners van die Brakpan ou lokasie wat na Silvertown tydelik verskuif was en dat hulle belowe was dat hulle huise van vier kamers sou kry by Tsakane? Kan u dit onthou? -- Ja, daar was bewerings gewees dat daar - ek weet nou nie of dit hulle was soos wat dit nou gestel word nie, maar daar was bewerings dat daar van Brakpan se mense van die ou woonbuurt af verskuif is na Tsakane toe wat nie huise gekry het nie, wat eintlik veronderstel was om huise te gekry het en hulle het gesê daar is mense wat van anger woonbuurtes af kom of ander plekke af kom wat huise gekry het. Daar was baie bewerings gewees, maar daar was ondersoek ingestel na die voorval. Ek kan nie sê presies wat daar gebeur het nie, maar daar was bewerin gs gemaak. Daar was baie bewerings gemaak.

Was voorbeelde gegee van mense wat voorheen by Kwa-Thema gewoon het wat nou vier kamer huise gekry het by Tsakane? -- Ek weet nie van die vier kamer huis storie nie, want die mense se klagte was dat hulle wou nie na hierdie diens- en erfskema toe trek nie, omdat met die lening wat hulle kan kry, hulle net twee kamers kan bou. So, ek dra nie kennis van hierdie vier kamer storie nie. Ek kan dit nie onthou nie. Dit is ook al meer as 'n jaar gelede. Dit val buite my sfeer. So, ek het nie eintlik kennis geneem daarvan nie.

Kan u onthou dat daar bewerings was dat die komitee van

raadslede wat die aansoeke toegestaan of geweier het op 'n korrupte manier opgetree het?

HOF : Was daar bewerings van korrupsie? -- Ja, hierdie bewerings wat hulle gemaak het dat die huise toegeken is aan sekere mense terwyl ander mense dit moes gekry het, het daarop neergekom.

Met ander woorde, was daar omkopery beweer? -- Ja, hulle het beweer dat daardie mense iets moes gekry het daarvoor om die huise aan ander mense toe te ken.

MNR. BIZOS : Die Homeseekers Komitee, was dit 'n organisasie wat ook sy eie T-hemde gehad het? -- Nee.

Het u dit nooit gesien nie? -- Nee, ek kan nie onthou dat ek sulke T-hemde gesien het nie.

Is u bewus van hulle slagspreuke? -- Nee, ek kan nie enige van hulle in herinnering roep as daar sulke goed was nie. Dit is moontlik. Ek het so baie pamflette en goed gesien in my tyd.

Het u ooit die slagspreuk gehoor "Keep promises. We want houses"? -- Nee, ek kan nie so iets onthou nie.

Weet u hoeveel mense by Silvertown gebly het? -- Dit is hoorsê, want ek moet maar gaan op wat mense vir my sê. Op 'n stadium was daar 200 families was aan my oorgedra deur die ontwikkelingsraad, maar dit fluktueer die hele tyd. Dan was daar minder en dan was daar meer. Op hierdie stadium is daar nou baie min.

In elk geval, uit u eie kennis weet u nie hoeveel mense daar was nie? -- Ek is seker die ontwikkelingsraad het nie eers geweet hoeveel mense daar woon nie.

Het u ooit daarheen gegaan, na die plakkerskamp te Silvertown? -- Ek was verskeie kere daar.

Sou u dit as 'n plek beskou waarin mense met enige geriewe

... / kon

kon woon in "comfort"? — Ek weet wat die vraag is.

Wat sê u daaromtrent? -- Nee, ek sou self nie graag daar wou gewoon het nie. Ek sou nie graag wou hê iemand anders moet daarin woon nie. Die idee was om dit uit te skuif. Dit is nie menswaardig om daar te woon nie.

Dit was huisgesinne wat daar gewoon het, veral jongmense wat skool toe moes gaan?

HOF : Was daar gesinne met kinders? -- Ja.

Skoolgaande kinders? -- Ja, daar was kinders. Ek kan nie sê dat daar noodwendig uit 'n groep van 200 families ... (Hof kom tussenbei)

Dit is 'n plakkerskamp? -- Dit is 'n plakkerskamp.

Hulle het self daar ingetrek. Hulle is nie geskuif daarheen nie? Hoe het die ding ontstaan? — Dit het klaarblyklik - dit is nou alles hoorsê - ontstaan vanaf die verskuiwing vanaf ou Brakpan woonbuurt. Hulle het soontoe verskuif omdat daar op daardie stadium nie genoeg huise was nie en hulle het hulle daar laat woon. Toe het hulle nou maar self vermeerder en daar was vir hulle geriewe ingesit, soos toilette en groot ligte en so aan, maar dit was natuurlik nou lank voor my tyd, voor ek daar gekom het. Klaarblyklik moes dit nou al ietsie soos twee jaar gelede klaar gewees het, ontruim gewees het, maar omdat die mense nie wou trek nie, na die twee slaapkamerplekke toe nie, is dit nou nog besig. Om die waarheid te sê hulle is nou besig om dit op te los. Daar is nou nog baie min gesinne oor. Aanvanklik het dit gegaan oor die mense wou nie trek nie, omdat daar net twee slaapkamerhuise opgerig word.

MNR. BIZOS : Opgerig word of moes hulle R2 800,00 vind om te betaal of 'n lening kry vir R2 800,00 waarvoor hulle 'n twee slaapkamerhuis self moes bou? — Dit het op so iets

... / neergekom

neergekom soos die vraag nou gestel is.

In elk geval, as gevolg van die omstandighede, sal u toegee dat daar mense was by Silvertown en Tsakane in die algemeen wat baie kwaad was vir die Raad vir hulle eie rede? -- Ja, ek weet nie of ek daardie vraag kan antwoord nie. Ek weet nie of die mense kwaad was vir die Raad nie. Noodwendig was daar nou geskille gewees, maar of hulle nou kwaad was, kan ek nie bepaal nie.

Hoeveel mense van die komitee het u ontmoet? -- Daar is net twee wat ek werklik mee gepraat het wat ek ken van die onderhoude wat ons gevoer het. Dit is 'n mnr. Mkhonza en 'n mnr. Radebe.

En die twee wat u wel ontmoet het, was dit volwasse mense? -- Ja, hulle was volwasse.

Die hoofde van hulle families? -- Nee, dit kan ek nie sê nie. Ek weet nie of hulle families gehad het nie. Ek het hulle net persoonlik ontmoet.

Wat was hulle ouderdomme min of meer? -- Ek skat so plusminus 30.

Hoeveel keer het u hierdie twee ontmoet? -- Verskeie kere. Ek kan nie onthou nie. Dit was nie meer as tien keer nie, maar dit was 'n hele paar keer wat ek hulle op verskillende tye ontmoet het, wat ek met hulle gepraat het onder verskillende omstandighede.

En hulle was bereid om met u te praat om te probeer om die geskille op te los? Is dit reg? -- Ja, ek weet nie soseer of hulle met my wou gepraat het nie. Byvoorbeeld daardie eerste dag het dit vir my 'n tydjie geneem voordat ek die segsman gekry het tussen die groep mense uit en toe vir hom gesê het dat hy die mense moet laat gaan, dan sal ek vir hom die vergadering reël.

U het persoonlike kennis van die feit dat hulle saam met die verteenwoordigers van die Raad gepraat het om te probeer 'n oplossing kry? -- Dit is korrek. Ek was 'n waarnemer op hierdie vergaderings. Ek kan drie vergaderings onthou wat gehou was.

En hulle het ook met die raadslede ontmoet om te probeer om hulle probleme op te los? -- Ja, dit was almal in een vergadering gewees. Die administrasiemense was daar, die raadslede was daar en hulle was daar en ek was daar as waarnemer gewees.

Die pamflette en die plakkate wat u gesien het, het u enige van die plakkate of pamflette op beslag gelê? -- Ja, ek het al die pamflette wat ek gekry het deurgevoer na ons veiligheidstak.

Wanneer is u vir die heel eerste keer gevra om hiernatoe te kom om te getuig? -- Dit was so aan die begin van hierdie maand gewees.

Weet u wat van die plakkate en/of pamflette geword het? -- Nee. Soos ek sê, ek het hulle aan die veiligheidstak oorhandig. Ek weet nie wat daarna daarvan geword het nie.

Het u enige van die pamflette of plakkate in die besit van een of ander persoon gevind toe u dit gevind het? -- Nee.

Was dit enkel pamflette wat u gevind het? -- Ja, die pamflette wat ek gevind het hier aan die begin van 1985 was meer stukke karton waar met 'n gewone balpuntpen op geskryf was en dit was so gekrap om die letters sigbaar te maak. Dan was daar natuurlik ook die ander wat 'n mens gekry het wat opgeplak was teen die mure wat ook maar op dieselfde manier - ander is teen drade vasgesit. Daar was natuurlik geskryf teen die mure ook.

Was daar enige pamflette wat gedruk was of was hulle

... / getik

getik? -- Die pamflette wat ek gekry het hierso aan die begin van 1985 was aanvanklik eers almal hand geskryf gewees. Hier na Meimaand, Juniemaand se kant toe, het daar enkele pamflette gekom wat getik was en gereproduseer was.

Wanneer het u ꞌn pamflet gesien wat sou gesê het dat kinders nie skool moet bywoon nie? -- Ek het ꞌn hele paar van hulle gesien. Hulle was op verskeie tye by die skole opgesit. Naby die hoofingang is hulle opgesit met draad vasgemaak, die kartonne.

Ek wil weet wanneer dit was? -- Ek kan nie ꞌn presiese datum gee wanneer dit was nie. Daar was verskeie geleenthede aan die begin van 1985 het ek dit gesien, hier gedurende die jaar.

Was hulle ook met die hand geskryf? -- Ja-nee, die pamflette wat by die skole opgesit was, wat die mense aangesê het om nie skool toe te gaan nie of om uitstel te kry vir eksamens of om hertoegelaat te word, was in hand geskryf.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K371 FRANS ENGELBERTUS LABUSCHAGNE, bevestig om waarheid te praat

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Kaptein, daar is net een aspek waaroor ek vir u ꞌn paar vrae wil stel. U het die lengte en ander afstande van Tsakane gegee. Ek wil dit aan u stel dat dit ꞌn taamlike groot dorp is en dat daar ten minste 2,000 huisgesinne van die ou lokasie na die nuwe plek verskuif was? -- Ek kan nie daarop antwoord nie. Ek dra glad nie kennis hoeveel mense geskuif is nie.

En dat daar altesaam 7,000 huisgesinne was wat verskuif was na die hele dorpsgebied? -- Ek kan nie daarop antwoord nie. Ek dra nie kennis daarvan nie.

Die syfers wat u vir Silvertown gegee het, is nie korrek

... / nie

nie. In elk geval verstaan ek dat die klerk van die raad getuienis sal kom gee en hy sal sal seer sekerlik die getal mense kan noem. -- Ek kan dit net opklaar dat die tydperk wat ons nou praat van Silvertown, toe ek daar gekom het en toe ek betrokke was, was baie kleiner as wat hy aanvanklik was. Baie van die opstalle was al afgebreek.

In verband met die begrafnis van die wyle Andries Raditsela. Hoeveel mense sou u sê was daar by die begrafnis? -- Dit is baie moeilik om so ŉ groot groep mense te skat. ŉ Mens kan ook nie almal sien nie, want die begraafplaas loop oor ŉ knoppie, maar ek sou ŉ wye skatting maak tussen 5 en 7,000 mense.

Ons was gesê dat daar meer as 30,000 mense daar was. U kan nie sê nie? -- Ek kan nie sê nie. My skatting was so tussen 5 en 7,000 mense wat ek kon sien.

Die banier met die AK47 wat nie ŉ goeie weergawe van ŉ AK47 was nie, was dit ŉ tuisgemaakte banier? Dit was net die een wat u gesien het? -- Ja, daar was net die een banier met die AK op gewees. Daar was nie nog een gewees met ŉ AK op nie.

Het u die mense waargeneem na die oorledene begrawe was? -- Ja. Die mense het op ŉ stadium uiteen begin gaan in groepe met voertuie, met busse.

En gestap? -- Ja, daar is heelwat mense wat gestap het ook.

En een groot groep of kleiner groepies van een- of tweehonderd elk? -- Toe hulle by die begraafplaas uitkom, was daar nou maar groepies soos wat ŉ mens nou van ŉ sportbyeenkoms af kom. Die mense is aanvanklik in ŉ groep en dan dun hulle verder uit.

Was daar ŉ aantal groepe wat na die huis van die oorledene

... / gestap

gestap het van die begraafplaas af? -- Nee, ek kan nie sê nie.

In elk geval op hierdie geleentheid was daar geen poging deur die polisie om enige groepe van mense uitmekaar te jaag na die oorledene begrawe was nie? -- Nee, geen.

HOF : Was daar op hierdie stadium 'n verbod op loop in die straat na en van die begrafnisstoet of was daar by hierdie begrafnis nie so 'n gebod nie? -- Nee, daar was nie so 'n beperking op daardie begrafnis nie.

Was daar geen beperking hoegenaamd nie? -- Daar was geen beperking hoegenaamd op die begrafnis nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Kaptein, u het gesê daar was geskryf teen mure in die woongebied op 'n vraag van My Geleerde Vriend. Kan u spesifieke voorvalle onthou? Kan u nog spesifiek onthou wat geskryf was en waar dit geskryf was?

MR BIZOS : I cannot remember asking such a question. I have no objection to the question being asked.

HOF : Dit het al in hoofgetuienis uitgekom, sommer so in die verbygaan.

MNR. HANEKOM : Nee, My Geleerde Vriend het gevra of dit gedrukte of handgeskrewe plakkate was.

HOF : Toe het hy gesê ook teen mure.

MNR. HANEKOM : Ook teen mure is geskryf.

HOF : Wil u weet of daar staan "Viva SAP"?

MNR. HANEKOM : As dit daar gestaan het.

MR BIZOS : I have no objection to the question. -- Aanvanklik het daar gestaan "Viva COSAS." Daar het ook gestaan "SADF out of township."

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. HANEKOM : U Edele, ek roep Laubscher Rossouw. Dit is die stadsklerk van Tsakane en hy sal oor Tsakane getuig.

LAUBSCHER ROSSOUW, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Rossouw, u is die stadsklerk van Tsakane Gemeenskapsraad? -- Dit is korrek.

Sedert wanneer beklee u die posisie? -- Sedert 1 November 1977.

Hoe groot is Tsakane? Hoeveel inwoners het hy of hoeveel huise het hy? -- Die aantal huise is 8,500 rofweg. Die bevolking is plus-minus 63,000, wettiges sowel as onwettiges.

HOF : Terwyl ons nou op hierdie statistiek is, u ken darem seker Duduza ook? Kan u net vir ons 'n idee gee, is dit baie groter of baie kleiner as Tsakane woongebied? -- Duduza is ongeveer die helfte van die huise van Tsakane, plus-minus 4,000 sou ek sê, die inwonertal is in die omgewing van 35,000.

MNR. HANEKOM : Was daar in Oktober 1984 enige onluste in Tsakane? -- Dit is korrek.

Wanneer het dit begin? -- Dit het begin op 4 Oktober. Op 13 Oktober was daar weer 'n voorval na 'n begrafnis en dit het geleidelik toegeneem met 'n klimaks hier in Maart/April 1985.

Is geboue aangeval tydens die onluste? -- Dit is korrek.

MR BIZOS : The witness is apparently referring to a document. I think we are entitled to look at it.

HOF : Wat is die dokument waarna u verwys? -- Dit is die opgawe van die skade ter wille van my eie geheue, indien die Hof my sou vra wat se skade voorgekom het op die twee dae.

Ons is nog nie besig om by die dokument uit te kom nie. Sal u die dokument net eenkant toe sit, anders word die indruk geskep dat u die getuienis aan die hand van die dokument

... / gee

gee. -- Goed.

MNR. HANEKOM : Sonder om spesifiek te wil weet is die vraag was geboue aangeval, sonder om spesifieke geboue te noem? -- Dit is korrek.

Was daar 'n sekere kategorie geboue wat die teikens was? -- Die teikens was hoofsaaklik ontwikkelingsraadgeboue sowel as privaat eiendom van dienende gemeenskapsraadslede.

Wanneer min of meer het die aanvalle op raadslede se geboue begin? -- Die aanvalle het voorgekom op 13 Oktober 1984 sowel as Maart/April 1985.

Het u in die tyd sedert die onluste begin het in Oktober 1984 gereeld rondbeweeg in die gebied, in Tsakane? -- Dit is korrek.

Het u ooit padversperrings in Tsakane teëgekom? -- Positief, ek het.

Wanneer was dit? -- Dit was by die twee geleenthede vanaf Oktober 1984 sowel as met die klimaks in 1985 - Maart/April 1985.

Was dit net enkele versperrings of was daar meerdere versperrings? -- Dit was versperrings wat versprei was in die woongebied.

Wat is gebruik om die paaie te versper? -- Daar was gebruik gemaak van ou motorwrakke asook klippe wat gestapel was reg oor die pad.

Was u bewus van enige organisasie wat aktief bedrywig was in Tsakane sedert Oktober 1984? -- Ja, ek was bewus van twee organisasies, sogenaamde COSAS en dan 'n ander organisasie met die naam van die Ad Hoc Homeseekers Committee van Tsakane.

Hoe was u bewus van die teenwoordigheid van die organisasies? -- Die bestaan van COSAS het onder my aandag gekom as gevolg van my verbintenis met die destydse gemeenskapsraad

... / van

van Tsakane sowel as die publiek en die Swartpersoneel. Die Ad Hoc Homeseekers Committee het onder my aandag gekom nadat hulle ʼn dokument by my ingehandig het waarin hulle hulle bestaan verklaar het.

Wanneer het u die dokument ontvang? -- Van die Ad Hoc Homeseekers?

Van die Ad Hoc Homeseekers? -- Dit was op 29 Januarie 1985.

Wat se dokument was dit? -- Dit was ʼn dokument waarop ek toe vir die eerste keer bewus geword het van die aktiwiteite van so ʼn organisasie waarin hulle nadat hulle ʼn protes - ʼn protesoptog in die kleine, sewe indiwidue - na die kantoor van die dorpsbestuurder geloods het en hulle daarna gevra was wie hulle verteenwoordig, het hulle mondelings verklaar dat hulle die inwoners van Silvertown, die plakker - die sogenaamde plakkergebied in Tsakane verteenwoordig self aangewys deur die inwoners.

Het die lede van die Ad Hoc Komitee op enige stadium enige griewe of versoeke teenoor u gerig? -- Ja, die versoek was dat hulle onmiddellik met hoër gesag wil skakel.

<u>HOF</u> : Hoër gesag as u? -- Ja, dit is die plaaslike instansie. Dit sluit dan ook die destydse gemeenskapsraad in. Hulle wou verder gaan aan die gesagsorgaan, die gemeenskapsraad. Die griewe wat hulle gelig het op daardie stadium het daarop neergekom dat volgens hulle die gemeenskapsraadslede vir die betrokke inwoners van Silvertown niks doen nie en dat hulle onbevoeg sou wees om as raadslede te dien en dit het gegaan oor die huisvesting in sogenaamde vier kamer huise van ongeveer 300 plakkerfamilies wat nog in Silvertown was.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Hoe het Silvertown, die plakkerkamp ontstaan en wanneer het dit ontstaan? -- Silvertown het ontstaan op

... / 1 Maart

1 Maart 1982 - 1 April 1982. Die plakkergebied het ontstaan nadat 'n ou woongebied in Brakpan bekend as die ou Brakpan lokasie ministerieel afgeskaf is. Al die inwoners van die ou Brakpan lokasie wat in huise gehuisves was, bedoelende steenopgerigte huise, is in huise in Tsakane gevestig. Ongeveer 1,481 families wat in krotte in die agterplase geplak het, is teruggeplaas na die tydelike vestigingsgebied vanwaar hulle dan in die permanente woongebied van Tsakane oor 'n tydperk van twee jaar hervestig sou word.

Waarom is hulle toe nie almal in 'n tydperk van twee jaar hervestig nie? -- Daar is in die tydperk langs die ekonomiese situasie van die Republiek op daardie tydperk - het beskikbaarheid van fondse groot probleme veroorsaak en kon daar nie binne die doeltyd van twee jaar daarin geslaag word om die inwoners almal te huisves in permanente behuisingskemas nie. Die grootste gedeelte van die inwoners is binne 'n kwessie van twee jaar gevestig, behalwe ongeveer sowat 800 families wat nie binne die tydperk gevestig kon word nie. Daar is tans sowat net 42 strukture in die gebied nog wat voor einde Augustus gevestig sal wees.

Is daar in Februarie 1985 vergaderings belê tussen lede van die Ad Hoc Komitee en die gemeenskapsraad? -- Dit is korrek.

HOF : Hierdie gebied wat die plakkergebied was, Silvertown, was dit 'n wyk of wyke vir die gemeenskapsraad of het hulle nie verteenwoordiging gehad nie? -- Hulle het nie verteenwoordiging gehad nie, maar op daardie stadium met die vestiging was die dienende twee raadslede van die ou Brakpan lokasie in 'n vooghoedanigheid ten aansien van hierdie gebied.

MNR. HANEKOM : Wat was die doel van die vergaderings tussen die lede van die Ad Hoc Komitee en die gemeenskapsraad? -- Dit was om die probleme of die griewe wat gelig was

... / deur

deur die Ad Hoc Homeseekers Committee op hoër vlak te bespreek, daarby bedoelende die destydse hoofdirekteur van die destydse Oos-Rand se ontwikkelingsraad sowel as die destydse gemeenskapsraad. Die doel, net duidelikheidshalwe, was om die Ad Hoc Homeseekers Committee - het met voorstelle gekom dat waar ons in die verlede die persone uit die Silvertown gebied betrek het by 'n selfhelpskema om hulle eie wonings op te rig op gedienste erwe, die Ad Hoc Homeseekers Committee was nie daarmee gediend nie en hulle wou huurhuise eerder as deelname in selfhelpskema afdwing.

Is daar na die vergaderings met die Ad Hoc komitee lede en die gemeenskapsraad tot 'n vergelyk gekom of het dit 'n dooie punt bereik? -- Daar was meer as een vergadering. Die eerste vergadering was op 16 Februarie 1985. Daarna is 'n besluit dat ek in my hoedanigheid asook my dorpsbestuurder verdere vertoë moet aanhoor van die Ad Hoc Homeseekers Committee. Uiteindelik was die aanbeveling van my administrasie na die hoofdirekteur se kantoor dat fondse op die vrye mark of van Staatsweë bekom moet word om die oorblywende aantal plakkerfamilies in raadshuurhuise te huisves. Daarna was die probleme eintlik opgelos gewees.

Voor die onluste in Oktober 1984 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : As u nou praat van daarna was die probleme opgelos, praat u nou van onluste of van ander dinge? -- Ek verwys spesifiek na die probleme of die griewe sou ek eerder sê wat die Ad Hoc Homeseekers Committee gehad het, dit was opgelos en ons het van daardie oord nie weer probleme gehad nie.

MNR. HANEKOM : En die onluste in die algemeen, het dit opgehou of het dit voortgeduur? -- Dit het voortgeduur.

Voor die onluste in Oktober 1984, het die inwoners van Tsakane taamlik toegewyd huurgeld betaal aan die Raad? -- Ja.

... / En

En na die uitbreek van die onluste? -- Na die uitbreek van die onluste het ons 'n totale insakking gekry wat betref die betaling van die huur en dienstegelde.

Het enige van die gemeenskapsraadslede bedank? -- Dit is positief.

Wanneer het die eerstes bedank? -- Die voorsitter het op 9 Mei 1985 bedank.

HOF : Wie was hy? -- Dit was raadslid Magambane en die res van die raad op 20 Junie. Dit was nege raadslede.

Dit is nou van 1985? -- 1985. Dit is reg.

MNR. HANEKOM : Is enige van die nege raadslede wat bedank het en die voorsitter se huise kort voor hulle bedankings aangeval? -- Die huis van raadslid Magambane is net voor sy bedanking op 9 Mei aangeval.

Hoe is sy huis aangeval? -- Dit was met klippe bestook en brandstigting by wyse van 'n petrolbom.

En van die ander raadslede, is hulle huise aangeval? -- Die vorige voorsitter se twee besighede is ook met klippe aangeval brand gestig en totaal verwoes.

HOF : Wie is hy? -- Dit was raadslid S.C. Masilo.

MNR. HANEKOM : Nadat die raadslede bedank het, is daar ander lede verkies in hulle plek? -- Nee, die situasie was uitgespel aan die departement wat besluit het as gevolg van die kritieke situasie daar op daardie stadium nie voortgegaan sou word met die hou van verkiesings nie. Die Oos-Randse Ontwikkelingsraad is toe ministerieel aangestel om die funksies van die gemeenskapsraad oor te neem en te administreer.

HOF : En u het toe 'n ander baas gekry? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : In April 1985 was daar 'n begrafnis waar daar agt mense begrawe is in Tsakane. Onthou u dit? -- Dit is korrek.

... / Kan

Kan u die datum nog onthou of nie? -- Die presiese datum?

Ja? -- April 1985.

Was u by die begrafnis teenwoordig? -- Dit is korrek.

HOF : Was u op die begrafnis? -- Ek was binne afstand. Die begrafnis was deur my onder observasie gehou. Die stoet sowel as die verrigtinge by die begraafplaas.

MNR. HANEKOM : Wat se mense is dit wat begrawe is? Hoe het die agt mense aan hulle einde gekom? -- Dit is slagoffers van 'n onlussituasie in Tsakane.

Het dit tot u kennis gekom wie die begrafnis gereël het? -- Die begrafnis was gereël deur 'n sogenaamde komitee die Crisis Committee vanuit die Metodiste Kerk in Tsakane.

Het u enige kennis uit wie die Crisis Committee bestaan het? Nie persone nie, maar aan watter instansies die lede verbonde was? -- Die Crisis Committee was saamgestel uit lede van COSAS, daar was lede van die Ad Hoc Homeseekers Committee en dan ook selfs die United Democratic Front simpatiseerders.

Het u in die begrafnisstoet enige baniere gesien? -- Dit is positief.

Wat se baniere was dit? -- Die een banier was die van COSAS en die ander van die United Democratic Front.

Wat het gebeur na die teraardebestelling in die begraafplaas? -- Na die begrafnis het die begrafnisgangers inbeweeg in die woongebied in groepe en toe is daar tot brandstigting en aanvalle op sekere van die raad se geboue oorgegaan.

Op 14 Mei 1985 was daar 'n begrafnis gehou van ene mnr. Raditsela? -- Dit is korrek.

Het u by die begrafnis observasie gehou? -- Dit is korrek.

Het u by die begrafnis baniere opgemerk? -- Dit is reg.

Watter? -- Daar was ook die banier van COSAS ten toon gestel sowel as die van die United Democratic Front.

... / HOF

HOF : Is daar in Tsakane so iets soos 'n Civic gewees, wat hulle 'n Civic noem in die algemeen? -- Ek kan dit nie bevestig nie. Daar was sprake daarvan, maar hulle het nooit op die oppervlak aktief gewees nie. Later van tyd het hulle wel op die oppervlak te voorskyn gekom.

As u nou praat van later, hoeveel later is dit nou? -- Dit was eers hier in die omgewing van November 1985.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Rossouw, weet u op watter datum presies die Suid-Afrikaanse Weermag na Tsakane gekom het? -- Ek kan nie die presiese datum op hierdie stadium weergee nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat dit op 2 Oktober 1984 was? -- Dit was wel gedurende Oktober.

Maar u is nie in staat om te sê of dit op 2 Oktober was of nie? -- Dit is korrek.

HOF : Kan u dit knoop aan 'n gebeurtenis sodat u die datum kan bepaal? -- Wanneer die Weermag beweeg het na?

Ja? -- Die Weermag het op daardie stadium begeleiding verskaf aan die busdiens van die Stadsraad van Brakpan. Die situasie was reeds in Oktober van so 'n aard dat selfs die busse van die Stadsraad onder klippe gesteek was en hulle het begeleidingsdienste verskaf.

MNR. BIZOS : Ek wil aan u stel dat daar geen geweld te Tsakane was voor die Weermag daar gekom het op 2 Oktober nie. Is u in staat om dit te erken of te ontken uit u eie kennis? -- Die Weermag is ontbied nadat daar voorvalle van klipgooiery was op die openbare vervoerdiens van Brakpan.

Ons praat van Tsakane self? -- Die vervoerdiens verskaf deur die Stadsraad van Brakpan in Tsakane. Daar was klipvoorvalle op die voertuie en toe is die Weermag ontbied. Daar was wel 'n onlussituasie in Tsakane ten tye van die aankoms

... / van

van die Weermag.

Is die posisie nie dit dat daar in die omgewing van Tsakane geweld was nie, in Kwa-Thema en die ander gebiede en die Weermag het in die hele gebied ingekom insluitende Tsakane? -- Nee. Die posisie was dat die Weermag na Tsakane spesifiek ontbied was na insidente.

Wie het hulle gevra om te kom? Weet u? -- Ek persoonlik het met die stadsklerk van Brakpan en die hoof van vervoerdienste in verbinding getree waarna die distrikskommandant wat oorhoofs beheer voer mannekrag ontbied het, vanaf watter oord kan ek nie vir u sê nie.

Wanneer het u dit gedoen? -- Nadat die voorvalle van klipgooiery in Tsakane voorgekom het.

U kan nie 'n datum gee nie? -- Nee, ek het reeds so gesê. Ek kan nie 'n presiese datum gee nie.

U dra seker kennis van die East Rand Urban Council Association wat ook as ERUCA na verwys word? -- Dit is korrek.

Wie is die voorsitter? -- Raadslid Tom Boya van Daveyton.

Ek wil aan u toon wat in die Star van 4 Oktober 1984 gepubliseer was en ek wil vrae aan u stel in verband met die publikasie. Sal u asseblief daarna kyk. Kan u onthou dat u die berig gesien het? -- Ek kan nie spesifiek sê nie, maar ek dra kennis van die East Rand Urban Council Association, nie spesifiek dat ek hierdie berig gesien het nie.

Laat ons sien wat die toestand van sake was op 3 Oktober 1984. Het dit nie tot u kennis gekom, soos dit hier voorgestel is "The East Rand Urban Council Association (ERUCA) has threatened to reconsider its participation in the government created institution if a solution to resolve the present unrest crisis particularly in the East Rand are not met by the government." Is u bewus van so 'n stelling van ERUCA? -- Nie

... / amptelik

amptelik nie.

HOF : Nee, laat ons nou onderskei wat u bedoel. U bedoel as stadsklerk het u dit nie gehoor nie, maar het u as burger dit gehoor destyds? -- As gewone burger?

As gewone burger? -- Daar was baie, as ek die Engelse uitdrukking mag gebruik "rumours" in die hele situasie rond verkondig. Daarom sê ek dat ek het op geen amptelike manier dit verneem nie. Ek het gehoor daarvan in die vorm van 'n "rumour", as ek dit mag sê.

Dit is nou gerugte? -- Gerugte. Dit is reg.

MNR. BIZOS : Ek wil verder lees. "ERUCA's executive committee which met in Wetville (?) near Benoni yesterday resolved to summon the Minister of Co-operation and Development and Education, Dr. Harold Viljoen to an urgent meeting where some of the causes of the current unrest like the age limit for Black pupils and the contentious issue of rent increases would be discussed." Is u bewus as die stadsklerk van een van die rade wat aan ERUCA behoort, van die besluit? -- Ek is bewus van samesprekings wat met die minister gevoer was in verband met die ouderdomsperk op skoliere sowel as sekere probleme rondom huishuurtariewe.

Is u Stadsraad of was u Stadsraad 'n lid van ERUCA? -- Dit is korrek.

En as die klerk van die raad het u nie belang gestel in die vergaderings van ERUCA en wat die besluite daar was nie? -- Die stadsklerk of die hoof uitvoerende beampte van die gemeenskapsraad was slegs op uitnodiging welkom om die vergaderings van ERUCA by te woon. Daardie uitnodigings was nie konsekwent aan die hoof uitvoerende beampte gestuur nie.

Het lede van die Raad nie teruggerapporteer wat by ERUCA gebeur het nie? -- Soms was daar teruggerapporteer.

... / By

By ander geleenthede nie.

"The heated debate of ERUCA, a body representing fourteen councils in the East Rand, was sparked off by a hard hidden report by the organisation's chairman, Mr Tom Boya, on a government's recently announced decision to offer the sale of sorghum beer outlets to the private sector." Het u geweet van hierdie verslag van Tom Boya? -- Positief.

Het dit tot u kennis gekom dat hy in die openbaar die volgende gesê het "It is with utter dismay that we learn that the minister of Co-operation and Development and Education has taken a decision without consulting with the local aurhorities, said Mr Boya. We are beginning to wonder what the government is up to, he said, adding that they, the government, are strippen them of all sources of revenue. He said that the only way the East Rand Councils can avoid rent increases would be by being able to raise revenue from such undertaking as the running of the sorghum breweries, beerhalls and other liquor outlets. As for sorghum beer breweries and beerhalls we object in the strongest terms to these being sold. There is a lot we can do with the 40 million which we do not even get from the government. He said his association could no longer keep silent while money collected in its area was being used to develop homelands with which the East Rand people had no connection." Het dit tot u kennis gekom dat so 'n openbare verklaring deur mnr. Tom Boya gemaak was? -- Dit het tot my kennis gekom.

En dat dit in verskeie koerante gepubliseer was? -- Dit is korrek.

Was u nie geïnteresseerd om die Star te koop om te sien presies wat hy gesê het volgens die koerant nie? -- Dit gaan nie vir my oor die koop van die Star nie. Ek het op

... / amptelike

amptelike wyse kennis geneem van hierdie verklaring van die voorsitter. Derhalwe was dit nie vir my nodig om die koerant te raadpleeg nie.

Wat u kan onthou, is die deel wat in die Star voorkom 'n korrekte weergawe van wat u amptelik gehoor het? -- Dit is korrek.

HOF : Dit word AAQ(46).

MNR. BIZOS : As ons kan voortgaan met die tweede paragraaf voor die woord "confidence." "Another speaker, Mr M Mogorosi, ERUCA's secretary, said that councillors ought to quit if their demands were not met by the government. When we agreed to serve in this government created institution, we thought those in authority were genuinely handing over power to the Black people but now we realise that we are being used as (indistinct)." Het dit tot u kennis gekom? -- Dit is positief.

"Mr AP Khumalo whose Katlehong house was gutted during rioting about three weeks ago." Kan ons net dit kry, waar is Katlehong? -- Katlehong is geleë in die munisipale gebied van Germiston.

En dit is wat hy gesê het. "Our own people have turned against us because they have lost confidence in us and it is now our duty to reverse the trend by telling those in authority what the Black people of this country want." Het daardie verklaring tot u kennis gekom wat in die openbaar gemaak was deur mnr. Khumalo? -- Positief.

"ERUCA has instructed its secretary, Mr Mogorosi to send urgent telegrams to the Minister of Co-operation and Development and Education and the Director of the Department of Education and Training demanding a meeting with them." Dra u kennis daarvan? -- Ek dra kennis van die versoek.

Sal u saamstem dat daar gedurende Oktober 1984 ontevredenheid

... / was

was met die raadslidstelsel in Tsakane? -- In Tsakane?

Ja? -- Ek is bewus van ontevredenheid.

Party van die redes is deur mnr. Tom Boya gegee. Sal u saamstem? -- Praat u spesifiek nou van die ontevredenheid in Tsakane of oor die algemeen?

In die algemeen? Insluitende Tsakane? -- Die sake wat genoem is deur mnr. Tom Boya, na my mening kan nie net so van toepassing gemaak word op enige ander gebied nie. Enige ander gebied regverdig 'n eie oordeel.

Was daar nie in Tsakane self 'n plan om die drankwinkels te verkoop nie? -- Dit was die beleid van die Staat wat die ontwikkelingsraad uitgevoer het in al die Swartwoongebiede onder die ontwikkelingsraad se beheer.

Die plekke waar die drankwinkels was byvoorbeeld, was binne die gebied van die Raad, nie waar nie? -- Tsakane?

Tsakane? -- Dit is korrek.

Was die raad geraadpleeg voor daardie besluit geneem is? -- Die destydse gemeenskapsraad was geraadpleeg deur die ontwikkelingsraad.

Voor die besluit? -- Nadat die Staat te kenne gegee het dat drankbelange geprivatiseer moet word, het die ontwikkelingsraad die gemeenskapsraad van Tsakane amptelik om kommentaar gelewer.

Maar om kommentaar te lewer oor 'n besluit wat alreeds geneem was? -- Nee, dit was voordat daar begin was met die verkoop van die drankwinkelpunte.

Maar die besluit beneem was om dit te privatiseer, soos u sê? -- Na oorleg met die betrokke Swartowerheid.

Wat sê u, was mnr. Tom Boya nie reg nie toe hy in die openbaar beweer het dat die raad en die raadslede in die Oos-Rand nie geraadpleeg was nie? Was hy verkeerd? -- Na my

... / mening

mening, ja.

Is enige teenverklaring gemaak in Oktober 1984 om te sê nee, mnr. Boya praat nie die waarheid nie? Die raadslede of die raad is mos geraadpleeg? Is daar so 'n openbare verklaring gemaak? -- Nie in die pers nie, maar die persoon verantwoordelik om mnr. Boya te korrigeer, daardie gesag het berus by die destydse voorsitter van die ontwikkelingsraad, tesame met die destydse hoofdirekteur.

Maar sover dit die gewone mense van die Oos-Rand insluitende Tsakane wat die koerant sou gelees het, betref, is 'n belangrike besluit geneem sonder die raadpleging van die Raad, sover dit die man in die straat betref? -- Die man in die straat?

Ja? -- Ek kan nie daarop bevestigend of onbevestigend antwoord nie. Dit mag wees dat daar in ander tydskrifte of ander koerante moontlik so 'n berig verskyn het, waarvan ek nou nie noodwendig op hierdie stadium kennis dra nie.

Kan u onthou dat mnr. Tom Boya weerspreek is in die openbaar op enige manier? -- Ek het reeds gesê ek kan nie daarop bevestigend of onbevestigend antwoord nie.

Kan u onthou of mnr. Mogorosi weerspreek was? -- Op grond van wat hy gesê het?

Ja? -- Vir dieselfde rede kan ek nie bevestigend of onbevestigend antwoord nie.

Kan u onthou of mnr. Khumalo weerspreek was of nie? -- My antwoord is dieselfde.

Alhoewel die presiese woorde nie in hierdie artikel nie, maar in ander artikels gebruik was, sal u saamstem dat die indruk geskep word dat die raadslede poppe "puppets" was? Uit die mond van die raadslede self? -- Die indruk was beslis nie geskep vanaf Staatsweë dat die raadslede "puppets"

... / is

is nie. Die indruk is geskep deur sekere inwoners van sekere woongebiede.

Maar sal u nie saamstem dat woorde wat deur die drie belangrike raadslede gebruik is, neerkom daarop om hulle self "puppets" te noem nie? -- Ek lei dit af as dat dit self so gesê was.

In die raadvergaderings van u eie raad, het die raadslede nie van tyd tot tyd gesê "Kyk, ons is nie hier om die wil van die regering te doen nie, ons is as 'puppets' gebruik"? Is daardie woorde in die raadsaal gebruik? -- In my raad, nog nooit uit die mond van enige raadslid daardie spesifieke woorde nie.

Soortgelyke woorde of woorde met dieselfde effek? -- Nee, al wat ek kan sê is dat van die raadslede by tye hulle ontevredenheid te kenne gegee het oor sekere rompslomp, sekere sake wat nie vinnig genoeg hanteer is nie.

In elk geval, ek verstaan dat volgens die optrede van mnr. Tom Boya en sy mede-raadslede is die drankwinkels in die Oos-Rand nie verkoop nie. Is ek reg met daardie stelling? -- Dit is nie korrek nie.

Is hulle verkoop? -- Die drankwinkels in my gebied - ek praat van Tsakane - was aanvanklik op tender uitgesit. Die transaksie was nog onder oorweging, toe is die drankwinkel in Tsakane totaal vernietig na brandstigting. So, die koop het nooit gerealiseer nie. In ander gebiede is, sover my kennis strek voortgegaan met die vra van tenders en in oorleg met die betrokke Swart plaaslike owerhede, is pryse beding tot bevrediging van die Swart plaaslike owerhede.

Wie was die suksesvolle tenderaar in u gebied?

HOF : Nee, die getuie sê dit het deur die mat geval omdat daar nie meer 'n drankwinkel was nie.

... / MNR. BIZOS

MNR. BIZOS : Maar is daar 'n transaksie gedoen voor die brandstigting? -- Ek het gesê dat terwyl die tenders en die hele transaksie onder oorweging was, is die drankwinkel vernietig.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 31 JULIE 1986.

- - - - - - - - - - -

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-16-117**
*Document Title:-* **Vol 117 p 5805-5875. Witnesses: Muller, Coetzee, Labuschagne, Rossouw**